A

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85 | PRETORIA

1988-08-01 (nm)
1988-08-02 (vm)

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - -

VOLUME 426

/JMDT

(Bladsye 24 885 tot 24 958 )

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

DIE HOF HERVAT NA MIDDAGETE

MNR JACOBS: Net voor ek aangaan, ek wil net - blykbaar het ek 'n fout gemaak en wat my goeie geleerde vriende my aandag op gevestig het, dat ek sou gesê het die staat erken dat al die knelpunte het werklik bestaan. Dit is 'n fout wat ek eintlik gemaak het.

HOF: Ekskuus?

MNR JACOBS: Ek sê dat die staat 'n fout, dat ek 'n fout gemaak het deur te sê dat die staat erken al die knelpunte.

HOF: U erken net party?

MNR JACOBS: Ja, ons betoog is dat daar was miskien knelpunte gewees wat mense ontevrede gemaak het maar daar was ander wat definitief geskep is, onder andere as ek hier net 'n voorbeeld mag noem van die swart plaaslike besture. Dit was 'n geskepte knelpunt in die sin dat dit nie verteenwoordigend was en so aan nie. So ek wil net dit regstel dat ek nie 'n verkeerde idee skep dat al die knelpunte erken word nie. Ek gaan dan voort met die behandeling van die "people's power" waar ek opgehou het. Die volgende aspek is dat dit deur UDF as 'n sukses beskou is dat die massas, deurdat die massas daarin geslaag het om die raadslede uit te skop, dit vir die regering onmoontlik gemaak was om daar te regeer en kontrole van die gebiede was oorgeneem deur die massas en dit het daarop neergekom dat die massas die bande van direkte regering verbreek het. Dit is duidelik dat die vestiging van "people's power" nie die resultaat is van 'n vreedsame protes nie. Dit is ongetwyfeld 'n vername deel van die daadwerklike magsoorname, 'n magsoorname met doelgerigte uitsluiting van onderhandeling; magsoorname wat beplan was met inagneming van dat die regering dit nie sal toelaat nie en dit sal

onderdruk / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

onderdruk en dit bring ons in hierdie opsig ook by 'n ander belangrike punt wat ek nie daar genoem het in my hoofde nie maar wat tog van belang is, dat die polisie se optrede om vrede en rus in die woongebiede teweeg te bring was regdeur uitgemaak as polisiebrutaliteit en dit met alle respek is ons submissie dat dit nie was wat die getuienis openbaar het nie. Die magsoorname was beplan met spesifieke uitdruklike verwerping van veranderinge en verkryging van burgerregte. Die magsoorname was so beplan dat die massas moes met die regering en al sy vertakkinge, ook genoem fronte, in botsing kom. Die magsoorname was so beplan dat daar noodwendig bloedvergieting sou wees en die massas gereed moes wees om opofferinge te doen. Dit is ons respekvolle betoog dan dat die sogenaamde vreedsame vryheidstryd nie net vreedsame proteste was nie. Die getuienis sover wat behandel was wys onweerlegbaar is dit ons submissie dat die vryheidstryd van baie groter omvang was as bloot 'n protesaksie. Dat die vryheidstryd soos ontbloot het 'n menigte dodelike verskuilde angels wat agter 'n beeld van redelikheid verskans was, soos byvoorbeeld in die persverklarings gestel was; die sogenaamde vreedsame vryheidstryd en verenigde aksie het sigself ongetwyfeld bewys as 'n gewelddadige aanslag om die regering omverwerp te werk en die land se regering oor te neem. "Violent clashes" met die polisie is sekerlik nie vreedsaam nie. Om hulself onregeerbaar en onbeheerbaar te maak is beslis nie 'n toonbeeld van onskuld en vrede nie. Leerlinge se woede as die regering nie aan hulle eise voldoen nie, wat ontvonk word in 'n bloedige stryd vir die beheer van skole en "people's power" vestiging in skole ontken kan nouliks vreedsaam wees. Die massas se woede wat landswyd

ontplof / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ontplof het en wat bewys is van die massas se gereedheid vir massa-aksie voorspel nie vrede nie, veral nie as UDF hierdie woedende massas teen die swart plaaslike besture mobiliseer nie. Beskuldigde 20 wat voorspel het dat as die departement van onderwys nie aan die leerlinge se eise voldoen nie, gaan daar groter geweld en oproer wees kan nouliks as vrede bestempel word en as hulle namens UDF en COSAS voorstel dat die kampanje verder uitgebrei word gaan dit verseker dat daar groter geweld kom en dit kan nie 'n toonbeeld van vrede wees nie. Aanvalle teen polisievoertuie, raadslede se huise, winkels en skole met klippe en petrolbomme, padver-sperrings weerspieël in ons submissie geen vreedsame metodes nie. Die vestiging van "people's power" soos die feite bewys het, gefundeer op gewelddadige massa-aksie en dat die UDF, ANC en sy trawante, die leidende en drywende faktor agter hierdie geweldpleging is. Die gewelddadige aard van die vryheidstryd word ook oorweldigend bewys deur <u>viva voce</u> getuienis in hierdie agbare hof aangebied en dit gaan die volgende aspek wees waarby ons sal kom. Nou om te sluit is dit ons respekvolle submissie dat die hele situasie van die vryheidstryd hoewel ons dit gerieflikheidshalwe opgedeel het in verskillende hoofde moet dit as 'n globale eenheid beskou word. U het self gesien hoe moeilik dit was om die dokumente te plaas onder elke hoof. Daar is 'n gedurige ineen-strengeling. Dit is een basiese beeld wat daaruit voortkom en dit bewys baie duidelik dat hierdie geweldpleging, hierdie magsoorname, kan alleen met geweld geskied en ons submissie is dus met alle respek dat die vryheidstryd is nie 'n vreedsame stryd nie, die vryheidstryd is 'n gewelddadige stryd vir magsoorname. Dit sluit omtrent dan hierdie aspek af.

Die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Die volgende aspek waarnatoe ons gaan is dan om oor te gaan na die <u>viva voce</u> getuienis toe en dan te begin met die Vaal. Nou ek wil dit inlei met 'n persverklaring wat beskuldigde nr.10 gemaak het en wat nie in my hoofde is nie maar wat ek dink tog vanpas is. Dit is BEWYSSTUK...

<u>HOF</u>: Op watter bladsy moet dit ingeskryf word?

<u>MNR JACOBS</u>: Op bladsy 83, net om te wys hoedat hierdie aanpas by die vorige maar hoedat hy ook hierdie inlei en dit is BEWYSSTUK AN.14. Dit is 'n persverklaring: "Press Statement on Vaal Rents" van 10 Januarie 1985 deur beskuldigde 20 en die laaste sin daarvan waar daar weer die ultimatum gestel word:

> "Unless our people's voice is heeded and rents are brought in line.."

<u>HOF</u>: Wat is die bewysstuknommer?

<u>MNR JACOBS</u>: BEWYSSTUK AN.14. (Lees verder)

> "Unless our people's voice is heeded and rents are brought in line with their racïally determined low wages there will be no peace in the townships".

Dit weer sluit aan by die ander om te wys daar is 'n ultimatum. Aan hulle eise moet voldoen word anders gaan daar geweld wees. Daar kan nooit daarby verbykom nie, as daar nie aan hul eise voldoen word nie, geweld. En dit is in die lig daarvan dat ons dan moet begin om hierdie ander getuies te evalueer. Nou voor die stigting van die VCA is daar 'n klompie belangrike syfers wat ons uitwys daarso. In BEWYSSTUK C.110, bladsy 6, word daar gemeld dat die VCA het tot standgekom as gevolg van die UDF se kampanje teen swart plaaslike besture. Nou as ek net 'n oomblik my betoog vooruit kan loop dan kan 'n mens kyk dat daardie stigtings-

vergadering / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering se advertensie, BEWYSSTUK AN.5 - hy word later weer genoem - maar hy begin met "No to higher rents, no to community councils". Hy begin alreeds met UDF se kampanje nog voordat VCA gestig is. Dit bevestig wat hier gestel word deur UDF dat die VCA het tot stand gekom as gevolg van UDF se kampanje. Nou in BEWYSSTUK L.2, bladsy 2, dit is 'n verslag, word daarin bevestig deur die Vaal Action Committee dat UDF en SCA het hulle gehelp om VCA tot stand te bring. In BEWYSSTUK L.1 en 2 op bladsy 2 is daar verdere bevestiging: Vaal Action Committee het die algemene raad van UDF se vergadering bygewoon en het daaraan gaan deelneem en BEWYSSTUK L.1 en 2, verslag bevestig UDF kampanje teen swart plaaslike besture is opgeneem in die Vaal en massa- en huisvergaderings word gehou en beplan. Daar is dan die eerste massavergadering oor hierdie kampanje wat ons van weet en wat later sal bykom is dié van 27 November 1983. In volume 208 op bladsy 10 901 van die getuienis, ek dink dit is die getuienis van Vilakazi - ek het ongelukkig nie die naam hier nie. Ek dink iewers het ek 'n fout gemaak en ek wil dit net regstel vir die hof - O, dit is nie hier nie. Daar is 'n paar, ek mag net verskoning vra dat daar is 'n paar foute wat ingesluip het in daardie betoog wat ons vir die hof sal regmaak. Sover het ons nog nie by hulle gekom nie maar daar sal 'n paar wees wat ons later by die hof sal regmaak. Ons is net besig om te korreleer en kontrolleer. In elk geval, op bladsy 10 901 word daarso genoem en getuig dat daar vooraf spesifieke resolusies opgestel was vir die aanname op die stigtingsvergadering van VCA. Die aksiekomitee het ook besluit dat daar geskikte persone en persone wat hulle pas aangewys word om op die bestuur van VCA verkies te word. Dit kom voor op bladsy - ek mag die hof



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sê ons het hierdie een ingevul, dit is volume 348.

HOF: Waar moet ek dit invul?

MNR JACOBS: Op bladsy 84, paragraaf 6, volume 348, bladsy 10 091.

HOF: Daar is nog 'n paar op die daaropvolgende bladsye wat nie..

MNR JACOBS: Ja, dit is wat ons aan werk. Dié wat ons gekry het sal hulle vir my dadelik opgee, wat ons reeds ingevul het. Dit is wat ek vir die hof nou-nou gesê het, ons sal 'n paar van die goed moet aanvul. Ek sal dit vir die hof gee net sodra ons dit gekorreleer het. Nou volume 33, pagina 1 486 tot 1 487, is die getuienis dat Esau Raditsela, Curtis Mkhondo 'n man van UDF en McCamel vergader het op 8 Oktober 1983 om 'n program uit te werk vir die vergadering van die 9de en dit is insiggewend dat spesifiek Curtis Mkhondo van UDF teenwoordig is om hierdie beplanning te doen vir die vergadering van 9 Oktober 1983 en daar op daardie selfde plek is daar getuig deur McCamel dat Esau Raditsela sal dan toesien ook dat die regte persone verkies word op die vergadering. Nou die plakkate wat gebruik was vir die stigtingsvergadering was verkry met die bystand van UDF. In hierdie verband word verwys na BEWYSSTUKKE AN.3 en AN.5 en wat van besondere belang is, is dat hierdie plakkate of pamflette is gevind in die kantore van UDF waar hulle gehou was toe in UDF se kantore bewysstukke gevind is. Die UDF se samewerking en steun word verder bevestig ook oor leiding vanaf UDF. Drie UDF-sprekers tree op by hierdie vergadering wat UDF-doelstellings oordra aan die massas op hierdie vergadering. Hulle kom en dit blyk uit die plakkate uit om die huur en swart - dat huur en swart plaaslike besture 'n sentrale tema op hierdie stigtings-

vergadering / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering gaan wees en op daardie stadium hoewel dit nou al gesê is, die huur wat daar genoem is, was daar geen sprake hoegenaamd van huurverhogings nie en hier kry ons alreeds waar UDF se knelpunte aangewend gaan word om die massas van die Vaal op te sweep en te beïnvloed om (1), die swart plaaslike besture en die regering teen op te tree en dit blyk duidelik uit BEWYSSTUKKE AN.3 en AN.5. Nou ʼn verdere aspek is dat UDF het hulp verleen met die stigting, dr Motlana Curtis Mkhondo en ene Gasapo het gehelp om te organiseer vir die stigting van VCA op 9 Oktober 1983. Nou op die stigtingsvergadering self het twee getuies, dit is IC.8 en Lord McCamel, het hulle geloofwaardige en bevredigende getuienis gelewer oor die gebeure op daardie vergadering en volgens die getuienis - en ons het in hierdie geval probeer om al die punte wat nie eintlik in geskil was nie uit te lig en neer te sit en die eerste is dat dat Esau Radisela het vir McCamel gevra om voorsitter te wees en die rede wat ons sê hoekom dit is, is weens sy hoë aansien om die mense te trek na die vergadering toe. Die vergadering het dan plaasgevind op 9 Oktober in die Roomse Kerk, gebied 12, Sebokeng en die gassprekers was dr Motlana, Curtis Mkhondo en Elliot Shabangu wat later vir Frank Chikane vervang het Dit is volgens die advertensies sou Frank Chikane daar wel getuienis afgelê het. Nie getuienis afgelê het nie, daar ʼn toespraak gelewer het. Nou beskuldigdes 3, 5, 8, 9, 10, 13, 14, 15, 16, 17 en 22 was almal teenwoordig op hierdie vergadering. VCA is gestig en beskuldigde nr.10 is gekies as die verteenwoordiger van gebied 10 en beskuldigde nr.22 was die tesourier. Ek het hulle net hier uitgelig om te wys waar van die beskuldigdes betrek word hierso. Nou die

resolusies /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

resolusies wat aangeneem is op BEWYSSTUK AN.13 kom hulle voor en beskuldigde nr.22 het daar 'n rol gespeel. Ek wil net graag hierdie resolusies vir 'n oomblik uithaal en vir die hof net op 'n paar aspekte daar wys. Daar is eerstens - ek het op 'n vorige stadium gemeld hoe die verskillende organisasies inmekaar vervleg was en saamgewerk het in hierdie vryheidstryd oor die knelpunte. Die eerste wat ek hier na wil verwys is dat oor onderwys was in hierdie organisasie 'n resolusie aanvaar: "to condemn the present education system which domesticates blacks and indoctrinates whites and its place to demand a democratic non-racial education system", en my respekvolle submissie is dat hier waar 'n mens nou 'n organisasie gaan hê wat plaaslike probleme gaan oplos is direkte aanvaarding en opneming van 'n UDF knelpunt wat groot moeilikheid landswyd veroorsaak het. Dan kry ons hier waar die getuienis van die verdediging was dat hulle het hierdie organisasie gestig om die mense se plaaslike probleme op te los oor uitsetting of betaling van hul huur en daardie tipe van ding, kry ons 'n tweede een wat ook 'n UDF knelpunt is en dit is dat die resolusie wat aanvaar word is hulle "condemn the community councils as puppet bodies and to boycott the black local authorities elections since we believe that nothing would be achieved by voting". Hier kry ons 'n aanvaarding van die volledige UDF kampanje. Dan kry 'n mens nog 'n volgende aspek wat hierso aanvaar word en dit is "condemn and reject the Koornhof bills and the President's Council constitutional proposals". Weer 'n volledige aanvaarding van UDF se kampanje teen die nuwe konstitusie. 'n Volgende ene wat hierso uitgelig word is dat hulle "condemn and reject the homelands system and in

particular / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

particular the Ciskei government with its atrocities committed against our people". Nou hierdie is ook heeltemal 'n UDF kampanje of knelpunt soos die getuies hier probeer sê het dit is "issues" wat opgeneem was deur hierdie organisasie wat hom bemoei met plaaslike aangeleenthede. Dan die volgende een: "Condemn the banning of SAWU and to pledge our solidarity with our people in the Ciskei". Dit is ook 'n volbloed UDF kampanje wat opgeneem word in hierdie gebied op hierdie vergadering wat hom bemoei met plaaslike aangeleenthede. Dié resolusies is aanvaar met die doel om uitgevoer te word om daaraan uiting te gee deur VCA. Op een of ander manier moes hulle dit gebruik, hulle moes iets daaraan doen en ons respekvolle submissie is dat hierdie spesifieke UDF kampanje soos dit hier opgeneem is, is opgeneem juis om die mense te mobiliseer en te organiseer om in opstand te kom teen die owerhede. Nou dit is ook op dié getuienis, ek gaan dan voort dat deel van die getuienis is, deel van die aanvaarde resolusies is dié wat vooraf opgestel was deur die VAC - VAC staan vir Vaal Action Committee. Ek sal dit in die vervolg net VAC noem. Nou in die saal by hierdie stigtingsvergadering was daar baniere gewees. Daar was baniere gewees van UDF, COSAS en dan was daar ook pamflette van RNC gewees. Nou hier is 'n assosiasie reeds baie duidelik en 'n erkenning aan UDF deur sy baniere in hierdie saal aan te bring en so ook van COSAS. Nou die gassprekers is almal lede van UDF wat toesprake gelewer het en in die toesprake aanvalle op die regering en regeringstrukture kom verkondig het. Dan 'n volgende aspek wat uitkom uit die getuienis is dat daar 'n massa mobilisasie en massa politisasie van die ANC, UDF was en dat die ANC en UDF was gepopulariseer op hierdie

vergadering / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering. Nou die gasspreker se getuienis, daar het ek hulle apart elkeen maar ek het dit saamgevat vir doeleindes van my betoog. Saam kom dit daarop neer dat hulle het op hierdie stigtingsvergadering die doelstellings en die beleid van die UDF bevorder en van die ANC deur die geskiedenis van die ANC wat op hierdie vergadering aan die massas oorgedra was, die vryheidstryd word verkoop en gepropageer en dit is die stryd van die ANC en van UDF. Die oproep word volgens hierdie drie here gemaak dat die mense van die Vaal moet verenig en moet deelneem aan die vryheidstryd. Hulle moet deelneem omdat hulle onderdruk word. Dit is opsweping teen die regering wat hulle sou onderdruk. Die vraagstukke van swart plaaslike besture word prominent opgeneem. Dit word aan hulle oorgedra dat hierdie swart plaaslike besture is deel van die onderdrukking. Hulle moet nie deelneem aan die verkiesings nie want deelname aan die verkiesings beteken dat hulle stem vir hulle eie onderdrukking. Dit word aan hulle oorgedra dat raadslede is "puppets" van die owerhede en wat die owerheidsopdragte en besluite uitvoer en dit is 'n uitbreiding van onderdrukking onder die mense. Dan die volgende is 'n knelpunt wat daar opgeneem is, is deur Curtis Mkhondo opgebring en dit is die vraagstuk van onderwys. Dat onderwys ook 'n onderdrukking - swart onderwys spesifiek onderdrukking van die swart mense is. Dit is wat hy die gehoor meedeel en probeer beïnvloed. Hy het dit gestel daarso dat swart onderwys lei slegs mense vir onderdrukking op. Hy het ook opgeneem op hierdie vergadering die prefekstelsel wat verwerp moet word en dat die mense aangestig word om te veg vir swart studenterade. Dit is deur hierdie here wat in hierdie toesprake gesê het die mense moet opstaan en

veg / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

veg teen die onderdrukking en veg vir hulle regte, dat die massas veg vir slegs - ja, dit is ŉ belangrike aspek wat hier uitkom dat die massas moet veg vir hulle regte en dit beteken hulle veg vir die oorname van staatsgesag. Dit is nie net ŉ blote platform om griewe te lug nie, die vryheidstryd wat hulle veg word geveg vir mag om die land te regeer en hierdie stuk van die getuienis kom voor in BEWYSSTUK W.23 op bladsy 8 waar verslag gedoen word van die stigtingsvergadering en waar dr Motlana aangehaal word as sou hy dit gesê het en vir hierdie mense op hierdie stigtingsvergadering kom duidelik maak het dat hulle is besig met ŉ magstryd in die vryheidstryd en waaraan moet deelgeneem word en dat hulle moet veg vir hulle regte in hierdie stryd. En in BEWYSSTUK W.69 op bladsy 6 is daar ook iets hieromtrent en word Curtis Mkhondo ook daar ingelyf. Nou ons sê dat die ANC en ANC leiers word daar gepopulariseer en dat die mense hulle selfs daar geassosiëer het met hierdie mense en met die ANC se leiers en geweld deur die sing van vryheidsliedere. Nou die verweer was gewees, ek wou dit graag ŉ bietjie behandel edele, dat die VCA was gestig om plaaslike probleme met die swart plaaslike besture op te neem. Dit met alle respek is heeltemal in botsing met die beleid van UDF van geen gesprekvoering met enige owerheidsliggaam nie. Die hooftema van die vergadering word die popularisering en bevordering van die vryheidstryd - ŉ nasionale karakter word aan hierdie vergadering verleen. Dit is opmerklik op hierdie vergadering is dit nie die plaaslike probleme nie maar die UDF en die ANC se knelpunte van swart plaaslike besture en swart onderwys wat gebruik word om die mense op te sweep teen die owerhede en om te veg vir hulle regte. Die UDF word

gepopulariseer/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gepopulariseer om die massas te lei in die vryheidstryd om die staatsgesag oor te neem. Die ANC word bevorder deur die sing van vryheidsliedere soos reeds genoem en die geskiedenis van die vryheidstryd wat ook die geskiedenis van die ANC is. En dit word daar uitgebring dat die ANC en ANC-leiers die vernaamste komponente is in die vryheidstryd. Dit is volgens die geskiedenis en dat die ANC-leiers en die ANC veg vir die vryheid van die massas en ook vir die mense van die Vaal. Dit word ook daar uitgebring dat die vryheidstryd steeds aan die gang is, steeds woed en die rede daarvoor is die onderdrukking en die massas moet deelneem daaraan. En dan het ek reeds daarop gewys dat die resolusies soos aanvaar, die nasionale dimensie van hierdie vergadering ook openbaar en wat ook bevestiging daarvoor is dat hierdie mense van die Vaal het hulle vereenselwig met die vryheidstryd deur hierdie nasionale - ek wil dit noem nasionale knelpunte, te aanvaar. Dan is dit uit die here se toesprake ook duidelik dat samewerking in die Vaal word bevestig want IC.8 is 'n lid van AZAPO in die Vaal en hy word verkies op die VCA se bestuur. Dit bevestig ook dat AZAPO beveg swart plaaslike besture en dit bots nie met hul beleid nie. Nou beskuldigde 2 se aktiewe deelname ook by die gebeure in Sharpeville lateraan, die vergaderings, en dat hy op die 3de hom by VCA skaar toe hy deelgeneem het aan die mars bewys ook hierdie samewerking tussen die Vaal-organisasies. Daar kom lateraan 'n belangrike dokument te berde wat spesifiek hierby betrokke is en mag ek net sê dat een van die leiers van AZAPO waar hulle spesifiek meld - ek doen die aanhaling lateraan wanneer dit in die konteks is van IC.8 se getuienis oor die geloofwaardigheid daarvan omtrent hierdie aspek

waar / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

waar hierdie leiers gemeld het dat hulle spesifiek onderhandelinge gevoer het met die organisasies in die Vaal, waar hulle hierdie selfde stelling maak wat ek hierso gemaak het dat dit is om aan die swart plaaslike besture deel te neem, hulle mense in die Vaal is nie teen hulle beleid nie, dit is 'n gemeenskaplike saak. Ek sal vir die hof weer terugverwys hierna as ek by daardie deel kom. Nou hier is dit ons respekvolle submissie, tot hiertoe het daar alreeds 'n duidelike beeld uitgekristalliseer dat UDF baie aktief betrokke was en intiem betrokke was by die aktiwiteite in die Vaal tot op hierdie stigtingsvergadering. Nou na die stigtingsvergadering het ek daardie deel wat u daar voor u het, het ek probeer saamvat om dit nie so los te maak nie en ek sal hierso vir die hof stel hoedat ek dit het en dit is dan groter bewys nog van die aktiewe en intieme bystand in die Vaal. Nou die tydperk na die stigting bevestig die intieme skakeling met UDF, intieme kennis..

MR BIZOS: May I appeal to our learned friend - he does not read something to say that he is going on to three pages ahead. I do not know whether your lordship is able to always follow where he has gone to - I cannot. I have the duty of recording what he adds to the item and I cannot really do it intelligently unless he indicates at least to us - I do not know whether your lordship follows it, what it is that he is leaving out because he has dealt with about eight pages and I spend most of my time trying to find out where he was on the written heads.

MNR JACOBS: Ja, ek het maar gedink om hierdie ding vinnig saam te vat..

HOF: Nee, ons is bly as u 'n ding vinnig saamvat. U

moet / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

moet net meld dat u nou die volgende 50 bladsye saamvat in drie sinne en ons is nou by bladsy 150 byvoorbeeld.

MNR JACOBS: Edele, die tydperk na die stigting begin op bladsy 95 - ek sal dan net vir die hof later daar ŉ aanduiding gee. Ongelukkig het ek dit nou nie hier gedoen nie en dit is klaar so opgeneem.

HOF: Is u al by bladsy 91?

MNR JACOBS: Bladsy 95 gaan ek nou mee aan.

HOF: Op bladsy 91 maak u die stelling van ŉ belangrike benadering. Bedoel u ŉ belangrike of ŉ belaglike benader-ing? In die middel van die bladsy, heel in die middel van die bladsy, 91.

MNR JACOBS: Kan ek net my..dit is belaglike. Ja, dit is met alle respek ŉ belaglike benadering want hoe daar ooit geargumenteer kan word dat terreurleiers en dade van geweld en terreur ooit ŉ godsdienstige kleur kan kry gaan alle verstand te bowe. Dit is ŉ tikfout wat daar ingesluip het.

HOF: Nee, ons het nie ŉ probleem nie. As u spring moet u net nie sulke belangrike sake verbyspring nie.

MNR JACOBS: Ek sal - dit is van die goed wat ons miskien na u toe sou..

HOF: Ons wil aan die hand doen dat u ŉ bietjie saamvat. Kyk ons kan self lees, ek is self al ŉ hele end voor u en u moet maar net die kern uithaal en ŉ bietjie saamvat, maar dan moet u darem net vir mnr Bizos sê ek is nou ongeveer op bladsy soveel.

MNR BIZOS: And about the references for instance on page 92, there are a lot of references that are left blank. I do not know whether your lordship has been favoured with those or not.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT: I haven't got those references. Those are the references I referred to before the adjournment and I was told by Mr Jacobs..

MR BIZOS: Well, I suppose we will get those.

MNR JACOBS: Dit het ons onderneem sal ons vir die hof kom gee met die ander dinge - oor die naweek is hierdie goed gedoen en ons kon nie..

HOF: Nee, dit is nie 'n probleem nie, mnr Jacobs. U moet net nie die vraagtekens laat wat daar nou staan nie.

MNR JACOBS: Ja, hierdie gaan - ek het al 'n hele paar ander hier gemerk wat ek ook verbeterings by die hof s'n moet aanbring.

HOF: Nou op watter bladsy is u nou?

MNR JACOBS: Ek gaan nou na bladsy 95 toe, die tydperk na die stigting, dit is paragraaf 4. op bladsy 95. Paragraaf 4 loop deur tot by bladsy 115. Dan kom ons by die volgende deel, dit is die vergadering van 27 November 1983. Nou die tydperk na die stigting is dit ons respekvolle submissie bevestig intieme skakeling met die UDF, intieme kennis van die beleid en strategie van die UDF en die ANC en die bevordering daarvan en ook intieme samewerking in die Vaal. Gebiedsverteenwoordigers moet komitees stig, dit was 'n besluit gewees op die stigtingsvergadering dat komitees gestig word, mense moet gewerf word; die massas in huisvergaderings versoek om die massas in die Vaal te mobiliseer en te politiseer deur gebruik te maak van knelpunte, vir deelname aan die vryheidstryd. Nou dit sê ons hier in hierdie geval omdat dit is presies volgens die voorskrifte van UDF daarom sê ons dit word ook gedoen ten uitvoering van die UDF se beleid. VCA assosiëer openlik met die ANC deur

kleure / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kleure te kies wat identies is aan die ANC en dit is ons respekvolle betoog dat hier kan nie geargumenteer word dat dit nou toevallig is en dat dit Inkatha is, Inkatha is ook dieselfde nie want ons weet dat Inkatha is nie welkom in die geledere van die UDF nie en ons weet volgens die stukke wat hier voor die hof was dat daar op 'n vroeë stadium goeie samewerking was tussen Inkatha en die ANC. So dat 'n organisasie wat nou ontstaan, hom 100% agter UDF skaar, te wil argumenteer dat Inkatha se kleure gekies is kan sekerlik nie opgaan nie. Nou dan behandel ons verskillende verslae wat daarso in die betoog elke keer saam met 'n vergadering geneem was. Ek het dit juis om doelmatigheidsredes so gevat dat ek die inhoud van die verslae eers aanraak. Ek sal na die paragrawe sover as wat ek gaan vir die hof en mnr Bizos se gerief terugverwys. Nou in die verslae aan die UDF se algemene raad bevestig VCA self hulle deelname aan die sameswering en die bevordering daarvan. Die eerste punt wat ons noem is VCA doen verslag en hier word verwys na paragraaf en BEWYSSTUK N.2. Nou VCA doen verslag oor hul vordering met UDF en ANC se kampanje teen swart plaaslike besture. Hulle doen spesifiek verslag by UDF oor vordering van die kampanje. Die volgende is BEWYSSTUK O.6, VCA lewer skriftelik bewys en verslag aan die algemene raad van UDF dat UDF beleid uitgevoer word en aktief deelneem aan die kampanje en die massas mobiliseer. Hulle noem dit dat hulle die massas mobiliseer. VCA word bevorder ook die kampanje teen die driekamer-parlement en in hierdie verband na die Port Elizabeth, ons wys daarop dat na die Port Elizabeth konferensie in O.4 BEWYSSTUK O.4, doen VCA verslag en bevestig hul deelname aan die kampanje teen die konstitusie en hierdie spesifieke

verslag / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verslag openbaar VCA se totale deelname aan die vryheidstryd en aanvaarding van die konsepte van UDF en die ANC met begrippe soos in hierdie spesifieke verslag: " a total boycott", "This is imposed upon the people by an undemocratic and illegitimate government". Die volgende een: "Furthers aims and objects of apartheid", die volgende een: "non-citizen idea on the masses". Nou al hierdie konsepte wat ek nou hier genoem het is ons respekvolle submissie het ook niks te doen met plaaslike probleme wat hulle na verwys nie. Dit is presies ons punt wat ons maak, hulle is hart en siel in die aktiwiteite van die UDF. Dan BEWYSSTUK O.3 dit is dieselfde in dié verslag, BEWYSSTUK O.3 van VCA aan die algemene raad, is daar verdere bewys van VCA se deelname aan en uitvoering van die sameswering. Die punte wat ek uithaal, hulle stig nuwe organisasies en in Bophelong is 'n "youth congress" deur hulle gestig. (2), hulle rapporteer dat gereëlde vergaderings word gehou om die mense van die gemeenskap te mobiliseer vir groter aktiewe deelname. Die derde punt wat ons maak in 7, Sebokeng, is 'n werkskomitee gestig wat aktief die massas in huisvergaderings mobiliseer. Dan die volgende punt, (4), gebied 7 komitee het 'n groep georganiseer om knelpunte in onderwyskwessies verder te voer in skole in Evaton en Sebokeng. (5), dat hierdie groep van gebied 7 organiseer om 'n "parents action committee" en SRCs in hierdie gebiede sowel in Bophelong as Boipatong te stig. Weer is dit 'n duidelike gemeenskapsorganisasie wat hierso gaan om ten minste op die onderwysgebied studenterade en die hele konsep van studenterade in swart onderwys op te neem. Die volgende punt, hier word 'n spesifieke beroep deur VCA gedoen op UDF om hierdie komitees te oriënteer ten

einde / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

einde onderwysknelpunte effektief te bevorder. Dit sê ŉ mondvol, edele, dat hulle spesifiek in hierdie geval die hulp van die UDF inroep om knelpunte effektief te bevorder. Dan die volgende punt is dat Curtis Mkhondo en lede van UDF word in die besonder bedank vir die positiewe hulp wat hulle aan die VCA verleen het. En hier word weer ŉ duidelike bewys gevind van onderlinge skakeling en hulpverlening vanaf die geledere van die UDF. Die afsluiting van die verslag spreek ook boekdele, want hy sê "we hope for real mobilisation and success in the new year". "The struggle continues" en ons betoog is dat ongetwyfeld kan niemand volgens hierdie verslae voor hierdie agbare hof aanvoer dat VCA hom met plaaslike probleme besig gehou het nie. Inteendeel dit blyk onbetwisbaar dat hulle hul primêr op die massas se mobilisasie toegespits het vir deelname aan die vryheidstryd. VCA sê ons dan in die volgende aspek wat ons behandel, na die vergaderings wat daar was, VCA het heelhartig aktief deelgeneem aan die aktiwiteite van die UDF om die sameswering te bevorder en uit te voer; verteenwoordigers van VCA het die vergaderings van die algemene raad van UDF Transvaal bygewoon en deelgeneem. So byvoorbeeld het Esau Raditsela op ŉ gereelde basis gegaan. Beskuldigde nr.7 het dit bygewoon. Beskuldigde 17 het dit bygewoon. Die volgende vergaderings was bygewoon - ek het hulle hier genomineer, hulle volg daar in volgorde. Dit begin by 12 November 1983, BEWYSSTUK N.2 is daarby betrokke en ook BEWYSSTUK 26. Daar was ŉ vergadering van 10 Desember 1983 en BEWYSSTUKKE N.2, N.3 en BEWYSSTUK 26 is darby betrokke. Op 14 Januarie 1983, BEWYSSTUKKE O.1, O.2, O.3, O.4, O.6 en 26 is daarby betrokke. Dan verwys ek na die Port Elizabeth konferensie van Desember 1983.

Beskuldigde / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Beskuldigde nr.10 en Johnny Motete was die VCA se afvaardiging na hierdie byeenkoms om daar beplanning te gaan doen aangaande die nuwe konstitusie. Op 14 April 1984, dit is BEWYSSTUKKE P.1 tot P.3 en dan ook BEWYSSTUK 26. Dan die VCA, die volgende punt wat ek maak is dat die VCA het die Daleside kursus of "workshop" soos aangebied deur die UDF gaan bywoon. Die VCA afgevaardigdes was Esau Raditsela, Edith Lethlake, beskuldigde nr.7, beskuldigde nr.18, Matlakale Moeng. In hierdie verband verwys ons na BEWYSSTUKKE U.4A tot C. Nou op hierdie vergadering van 30 Junie 1984 was bygewoon deur Esay Raditsela en beskuldigde nr.17 en die bewysstukke hierby betrokke is Q.1, Q.2 en BEWYSSTUK 26 en op hierdie vergadering was Vaal Organisation of Women, VOW, toe aanvaar as 'n geaffiliëerde van UDF. Hierdie vergadering is ook bygewoon deur beskuldigde 6 as die verteenwoordiger van ERPA wat toe ook 'n UDF-geaffiliëerde was. Dan die laaste vergadering wat bygewoon was is 14 Julie 1984 en die VCA was daar verteenwoordig deur Esau Raditsela, beskuldigde nr.17 en beskuldigde nr.7. Die bewysstukke betrokke is BEWYSSTUK R.2 en R26. Nou uit hierdie vergaderings en wat daar in die betoogshoofde is het ek saamgevat waarna ek verwys en op hierdie algemene raadsvergaderings is besprekings gedoen en besluite geneem om UDF beleid uit te voer en om die vryheidstryd en sameswering te bevorder en uit te voer. Dus het VCA hieraan deelgeneem soos die reeds-behandelde verslae bevestig. Verdere voorbeelde uit die bewysstukke is die volgende dan: Die vergadering van 10/12/83 waar die kampanje teen swart plaaslike besture spesifieke aandag sou geniet en gemeld word dat hul doelstelling vryheid is. Dit is BEWYSSTUKKE N.2 en N.3. Die (30

vergadering / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergadering van 14/01/84 waar bespreek was dat UDF lede UDF kampanjes moet uitvoer. Swart plaaslike besture en die konstitusie word onder andere behandel. Die vergadering van 14/04/84 is besluite geneem vir praktiese redes om met AZAPO saam te werk. Dit sluit in by daardie samewerking wat ek ook voorheen genoem het. (2), verslae van lede van UDF moet konsentreer op UDF kampanjes vir beter koördinasie. Nou (3), UDF het 'n opleidingskursus te Daleside georganiseer vir effektiewe leiding vir uitvoering van kampanjes in die swart plaaslike besture en effektiewe vernietiging daarvan. (4), die vergadering van 30/06/84, die vyand van die massas geniet aandag. Die gedagte van die vyand van die massas geniet aandag. Die MSC, dit is die "Million Signature" kampanje word daarso bespreek en dit geniet aandag. Die sogenaamde "fraudulent apartheid constitution" geniet aandag; die lewenskoste en koopbelasting word op hierdie vergadering bespreek en geniet aandag; gedwonge verskuiwings, tuislande en "dummy black local authorities" wat steeds die woede van die massas trotseer geniet aandag; werkersaksie geniet hul aandag op hierdie vergadering en verskeie ander aangeleenthede word behandel. Op die vergadering van 14/07/84, op hierdie vergadering word besondere aandag gegee aan die "nature and content of the struggle". Dan word daar verder bespreek op die vergadering van 14/07/84 aksie in swart woongebiede, word bespreek en beplan; bespreek en besluit oor 'n gesamentlike UDF-beplanningskomitee waarop geaffilieerdes uit die Vaal sittings sou hê. Hierdie aktiwiteite soos op die vergaderings uiteengesit van VCA is sekerlik nie volgens ons mening 'n konsentrasie op plaaslike gemeenskappe nie maar hulle het hulle volledig ingegraaf in

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die vryheidstryd en in die sameswering; dat hulle is baie beslis betr-kke in die UDF en betrokke in die uitvoering van UDF se beplanning en beleid. Daarby kan niemand verby argumenteer nie. Dan vervolgens behandel ek die Daleside - gee ek spesiale aandag aan die Daleside "workshop". Dit is BEWYSSTUK U.4A - ekskuus, bladsy 105, paragraaf 5. - Ekskuus edele, mnr Bizos het net vir my die bladsy gevra, bladsy 103, eintlik van 102 af begin dit. Nou ons submissie is met alle respek hierdie Daleside werkswinkel wat deur UDF aangebied was te Daleside, bevestig sekere belangrike feite en dit word verkry uit BEWYSSTUK U.4A tot C. Nou die eerste belangrike feit is dat beskuldigde nr.21 in beheer was van UDF se "education committee" wat die kursus aangebied het. Dit is eintlik gemene saak want sy handtekening verskyn ook - ons sê hierso dat beskuldigde nr.21 het persoonlik die uitnodigings aan UDF-geaffiliëerde organisasies gestuur en die groot belang of erns daarvan beklemtoon. Dit was ook deur hom erken in sy getuienis. Die doel van die kursus was die evaluering van die kampanje teen swart plaaslike besture en tweedens, om te beplan vir die toekoms hoedat gemeenskapsorganisasies, met ander woorde "civics" die stryd teen swart plaaslike besture moet voortsit. Die uitnodiging van beskuldigde nr.21, die vorige algemene raadsbesluit en die inhoud van die aangebode kursus bewys dat beskuldigdes, dit is nrs.19 en 20 se getuienis dat die kampanje teen swart plaaslike besture in 1983 afgesluit was, as onwaar. Want hier gaan UDF spesifiek om evaluering te doen in April 1984 van die kampanje teen swart plaaslike besture en beplanning te doen vir toekomstige aksie teen swart plaaslike besture en ons sal uit die inhoud van die ding sien watse

aksie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aksie hulle beplan. Nou 35 UDF aktiviste het die kursus bygewoon vir die duur daarvan en 10 het gekom en gegaan. Die Vaal vyf het ek reeds genoem. Dit word verkry uit BEWYSSTUK U.4B. Nou ek mag net hier 'n oomblik stilstaan. Beskuldigdes 7 en 17, dit was die getuienis van beskuldigde nr.7 - ek kom later weer daarna terug maar mense moet net in gedagte hou dat op hierdie stadium terwyl ek by hierdie punt is dat die verslag meld hierso dat 35 mense het daar gebly, wat daar was, waaronder die vyf afgevaardigdes van die Vaal genoem word. 10 mense het gekom en gegaan, met ander woorde hier is 'n direkte botsing met die getuienis wat beskuldigde nr.7 hier aangebied het. Ek kon later hierna terug maar ek wil graag hê die hof moet op hierdie stadium net dit in gedagte hou. Nou ons submissie is dat die afgevaardigdes was deeglik onderrig dat dit die taak is van die UDF organisasies om die massas te mobiliseer om swart plaaslike besture te vernietig. Nou dit is eienaardig as 'n kampanje reeds in 1983 ten einde geloop het dat hulle nou hierso beplan hoedat hierdie mense wat daardie kursus bywoon van die verskillende organisasies, nou swart plaaslike besture vernietig deur die mense te mobiliseer om dit te doen. En as ons ook in gedagte hou al die getuienis wat hier behandel is, selfs beskuldigdes se persverklaring wat ek ter aanvang hier gelees het, hoedat as daar nie aan hul eise voldoen word nie, dan gaan geweldpleging nie daar ophou nie. Hoedat daar getuig kon word en gesê kon word dat dit het tot niet gegaan op daardie stadium in 1983, dit kan glad nie opgaan nie. Nou hulle was op hierdie kursus onderrig dat die breë massas gemobiliseer moet word deur gebruik te maak van die knelpunte. Ons stel dit ook dat uit

hierdie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie verslag is dit duidelik hulle was onderrig dat die gemobiliseerde massas gelei en gekoördineer word tot 'n aanslag teen die staat op alle fronte, nie net dan op swart plaaslike besture nie, maar op alle fronte. Dit is plaaslik sowel as nasionaal. Hulle was onderrig om dit by die massas tuis te bring dat die staat die vyand is en die oorsaak is van hulle probleme wat hulle ondervind op verskeie fronte. Die verskeie fronte waar die regering as vyand probleme veroorsaak is die jeugfront, die vrouefront, werkersfront, die gemeenskappe en ook op politieke gebied, ensovoorts. Hulle was daarso deeglik onderrig dat die probleme wat ondervind word op al hierdie gebiede of fronte is almal aanmekaar gekoppel deur een bindende faktor, naamlik die regering en onderdrukking van die regering. Hulle is daar ook deeglik ingelig en onderrig dat om die regering effektief te beveg moet hulle seker maak dat al die strydvoerings op hierdie verskillende fronte verenig word in een verenigde aanval. Dus moet die gemeenskapsorganisasies koördineer met ander organisasies en groepe. Hulle moet UDF waardes propageer, hulle moet die massas politiseer, hulle moet die skakels in hul stryd saambind of saamflans deur 'n verskeidenheid van sprekers op ander fronte, tewete studente, werkers ensovoorts te gebruik. Hulle moet die kragteloosheid van die swart plaaslike besture aan die kaak stel deur gebruik te maak van knelpunte. Nou as 'n mens net 'n oomblik in die gedagte teruggaan na die gebeure in die Vaal en te dink hoe is al hierdie goed toegepas. Mens kry die knelpunte op verskillende gebiede is toegepas. Ons het gekry verskillende sprekers - ons vat die 26ste se vergadering. Beskuldigde 5 kom as die eerste verteenwoordiger. Rina Mokoena en die

ander / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ander vroue om die vroue-organisasies te verteenwoordig. Cabri, mnr Cabri om ERPA te verteenwoordig, beskuldigde nr.17 om VCA te verteenwoordig. Hierdie is so toegepas wat hulle hier geleer het en dit wys dat hulle suksesvol was in hierdie kursusse wat aangebied was. So ons submissie is dat wat hier geleer is, is spesifiek toegepas in die Vaal. Nou dan wil ek terugkom na die getuienis van beskuldigde 7 dat hy en beskuldigde 17 nie die volle duur van die kursus bygewoon het nie. Dit is met alle respek volgens ons betoog onwaar. Sy getuienis bots in die eerste instansie direk met die stelling dat 35 aktiviste het die kursus voltooi waarvan 5 van die Vaal afkomstig was. Nou beskuldigdes 7 en 17 het geregistreer as volwaardige afgevaardigdes van die Vaal. Ons submissie is dat dit hoogsonwaarskynlik sou wees dat beskuldigdes 7 en 17 daarheen sou gaan, registreer, registrasiefooie betaal en dan sonder meer die kursus verlaat. Esau Raditsela het geen rede gehad om aan beskuldigde 7 enige leuens te vertel nie. Alles was blykbaar goed beplan, ook die vervoer. Ons respekvolle betoog is dat beskuldigde nr.7 weens sy handtekening op die register nie kon betwis dat hy die kursus bygewoon het nie. Die enigste manier vir hom om lastige vrae te ontduik in kruisondervraging was om ewe skielik die kursus vroegtydig te verlaat. Dit was opvallend gedurende die verhoor hoedat getuies óf laat by gebeure opgedaag het óf vroeg weg is; waar hulle sekere aspekte vroeër goed onthou het in hul getuienis, het hulle daarna skielik swak geheues ontwikkel toe lastige vrae aan hulle gestel word. Nou ons sê dat beskuldigde nr.7 is 'n tipiese geval van die mense wat lastige vrae ontduik deur skielik sonder rede van so 'n ding waarvoor hy al die moeite gedoen

het / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het om soontoe te gaan, al die moeite gedoen het om te betaal, dat hy daarvandaan sou weggaan. 'n Ander aspek hoekom ons sê dat ons hierdie stelling maak is dus dat beskuldigdes 7 en 17 se entoesiastiese deelname andersins aan die aktiwiteite in die Vaal en by UDF se vergaderings bevestig ook die onwaarskynlikheid van sy getuienis dat hy nou skielik sou weggaan. In sy getuienis het beskuldigde nr.7 homself bewys as 'n getuie wat nie gehuiwer het om vrae te ontwyk nie en selfs homself dikwels weerspreek het, so ons respekvolle submissie is dan dat beskuldigde nr.7 se getuienis dat hulle vroeg daar weg is met respek nie aanvaar kan word nie onder die omstandighede nie en dat hy daar was al die tyd en enduit hierdie kursus bygewoon het soos die verslag ook meld. Daar bestaan absoluut geen rede hoekom die mense op die kursus waar hulle alreeds sê 10 mense het gekom en gegaan, dat hulle nie kon gesê het "alright", van die Vaal het 5 mense gekom en net 3 het gebly nie. Daar is nie rede nie, hulle doen dan verslag oor die werklikheid wat daar gebeur het. Nou 'n volgende aspek wat ek net kortliks bybring by hierdie hele samewerkingstorie, UDF is dan ook VCA en ERPA. Ek dink dit is gepas om dit net hierso ook in te bring. Ons betoog is dan VCA en ERPA het 'n gesamentlike komitee gestig vir samewerking tussen die twee UDF-geaffilieërde organisasies in die Vaal. Dit was die getuienis gewees wat voor hierdie hof gelê is deur die verdediging se getuie, beskuldigde nr.6. Hulle het UDF se "million signature" kampanje gesamentlik bedryf, dit was die getuienis wat hulle erken het. Hulle het albei gebruik gemaak van die jeug om die handtekeninge vir hierdie "million signature campaign" in te samel.

Hulle / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Hulle het volgens hulle getuienis blitse gehou om handtekeninge in te samel en Esau Raditsela het gereël vir geskikte sprekers vir die vergadering van 26 Augustus vir ERPA. Hy het gereël dat beskuldigde nr.5 as 'n jeugspreker daar sou gaan optree. Hy het gereël dat beskuldigde nr.17 as spreker namens VCA sou wees en Rina Mokoena was gereël om die spreker namens die vroue-organisasie WOV te wees. Nou Esau Raditsela het self ook op hierdie vergadering van ERPA opgedaag op 26 Augustus 1984 en daar op die vergadering die UDF se "million signature campaign" bevorder. Hy het gepraat daaroor en hy het ook daar vorms voorsien en beskikbaar gestel. Dan is daar 'n ander aspek waar hulle saamgewerk het volgens die getuienis wat aangebied is deur die verdediging, samewerking tussen ERPA en VCA waar die gesamentlike komitee wat hulle gehad het ook reëlings getref het en dit was toe die raadslede se oorwinningsfees verongeluk is. Ek het daardie ongelukkig nie, ek het dit vergeet gehad in my betoogshoofde maar ek wil dit hier op hierdie stadium net bynoem. Dit is nog 'n vlak waar hulle sou saamgewerk het, hulle het gesamentlik daardie raadslede..

HOF: Dit was eintlik die tagtigste verjaardag van Evaton, nie 'n oorwinningsfees van Rapotape nie. Waar moet ons dit inskryf?

MNR JACOBS: Dit kan hier by VCA en ERPA se..

HOF: Bladsy?

MNR JACOBS: Ja, bladsy 109. En 'n punt wat ek dink wat ek nie kan onthou of ek hom daarin het nie maar wat ek ook het wat miskien ook daar by kan kom as ek dit nie het nie, is u sal onthou dat op die stigtingsvergadering van UDF het mnr Capi, die voorsitter van ERPA het daar 'n toespraak

gelewer / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gelewer op die vergadering van VCA wat gereël was vir 27 November, het hy 'n toespraak gelewer en selfs op daardie 26 Augustus het hy nadat hy 'n ERPA vergadering bygewoon het, het hy weer die UDF vergadering bygewoon waar hy 'n spreker was. So, die onderlinge werkskakeling is daarso ook tussen hierdie twee organisasies volledig bewys. Nou ons submissie verder is dat dit met die uitvoering is van die kampanje teen swart plaaslike besture waar VCA hom veral onderskei het, waar UDF die ANC se beleid sterk uitgevoer het en daar kom dit sterk op die voorgrond. Ons submissie is as 'n mens kyk na hierdie vergaderings en wat VCA hier gedoen het, bewys die getuienis dat VCA hom nie - dat VCA nie belang gestel het in die oplossing van plaaslike probleme van die inwoners nie maar hom toegespits het op die mobilisasie en organisasie van die massas om aktief die swart plaaslike besture te vernietig en deel te neem aan die vryheidstryd. Ons het probeer kyk of ons kon vasstel waar die VCA plaaslike probleme werklik neem na raadslede toe. Die beskuldigdes het vir ons die voorbeeld gegee van een waar daar 'n onderwysprobleem opgelos geword, maar waar het hulle ooit - die getuienis is daar dat hulle die probleem van die huur werklik positief met die raadslede of die raad van VCA gaan bespreek het en vir hulle gesê het kyk, dit is ons probleem, dit is ons punt, kan julle die mense help. Maar al die getuienis dui in hierdie hof daarop dat daar was gekonsentreer om die mense op te sweep teen die raadslede en dat hierdie knelpunte sogenaamd van die mense gebruik was om die mense nog meer woedend te maak. Mens kan nou 'n baie praktiese voorbeeld neem, as ek nou weer my betoog bietjie vooruit kan loop, die geval van Masenya; ons noem dit

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die Masenya-insident op die vergadering van die 26ste. Hier is ŉ man wat na die vergadering nou opsweepwerk gedoen het teen raadslede en alles, toe dit nou daarso bekend word, deur ŉ vrou bekend gemaak word dat daardie man is moontlik ŉ kandidaat in die raadsverkiesings, wat is die reaksie? Dadelik is daardie gehoor woedend, hulle skreeu, hulle raas, daar is oproerigheid op die vergadering, ŉ gevloekery en hulle wil hierdie man nie eers die geleentheid gee om te praat nie. Met ander woorde die VCA het nie daarin geslaag om die probleme van die mense op te los nie maar die VCA het geslaag daarin om gevoelens teen die raadslede op te werk en dit word bewys deur ŉ baie duidelike voorbeeld in daardie geval. Nou ons wil vervolgens handel met - ek dink daar het ek ŉ fout in my betoog. Ek het daar na Malindi verwys - ek gaan nou oor na een van die getuies vir die verdediging, ek dink dit is Vilakazi gewees.

<u>HOF</u>: Op watter bladsy is u nou?

<u>MNR JACOBS</u>: Dit moet na 109, ek het begin met hierdie ding op 109. Dit moet paragraaf 11 wees. Ek is jammer dat ek die hof..

<u>HOF</u>: Ek het geen probleem nie. U moet net vir my sê waar ek die korreksie moet aanbring.

<u>MNR JACOBS</u>: Ek sal dit dan net vir die hof lateraan duidelik maak, maar ek moet op hierdie stadium meld, in my geheue onthou ek dat ek het gepraat van Malindi. Ek het dit eintlik verwar met Vilakazi wat ontslaan was, ŉ beskuldigde was en ontslaan was en teruggekom het en getuig het. Dit is waar ek...Nou ons sê dat UDF het hom - VCA het hom vol ingeleef in die beleid van die UDF en die ANC. Ons wil hierso verwys in die verband ook na die getuienis van Vilakazi. Nou hy

was / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was in besit gevind sal u ook onthou van ŉ dokument BEWYSSTUK CA.22, ŉ dokument uitgegee op die oog af deur die ANC. Nou ek wil graag hierdie dokument bietjie meer volledig behandel en dan verwys dan na die toepassing op die Vaal en die UDF. Nou BEWYSSTUK CA.22, in die dokument doen die ANC ŉ beroep dat die verkiesing van raadslede geboikot word. Dan sê ons dit is ŉ kampanje wat die UDF en die VCA opgeneem en uitgevoer het. In die dokument verklaar die ANC ŉ jaar van "united action" en vra vir aksie teen raadslede in daardie dokument self. Nou UDF propageer "united action" baie sterk en organiseer vir aksie, "united action" teen raadslede. Die VCA neem hierdie oproep op en organiseer en mobiliseer die massas in die Vaal vir verenigde aksie teen raadslede en die raadstelsel. Ek dink nie oor hierdie kwessie in die Vaal dat hulle gemobiliseer het kan enige twyfel laat uit die vorige verslae wat ek ook na verwys het nie. In BEWYSSTUK CA.22 doen die ANC ŉ beroep vir ŉ boikot teen "sham community councils" en dat hulle die "whole community council system unworkable" maak. Dit is presies volgens ons submissie wat UDF en sy geaffilieërdes doen en in die Vaal is dit ons submissie is ook daarvoor georganiseer deur VCA en die ander organisasies daar om die raad in die Vaal oneffektief te maak en onwerkbaar te maak. Ons weet van al die eise wat daar gestel is dat hulle moet bedank, hulle is "puppets" en al daardie goed. In BEWYSSTUK CA.22, die ANC verklaar dat die boikot van swart plaaslike besture deel is van die vryheidstryd en dat dit hulle nader aan hul vryheid bring. Dit is presies wat UDF verkondig. Ons dink aan die stelling daarso by die Daleside werkswinkel of "workshop" en dit is ook die propaganda in hulle aanslag deur UDF

gebruik / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gebruik en dit is ook ons submissie dat dit is presies wat VCA gedoen het om die massas te mobiliseer vir deelname aan die vryheidstryd. In BEWYSSTUK CA.22, die ANC se boikot van swart plaaslike besture, deel is van die stryd omdat "puppet bodies" die massas onderdruk en uitbuit, en dit vergroot. Nou dit is presies wat UDF en in hierdie geval ook die VCA gedoen het, gepropageer het, om die massas op te sweep teen swart plaaslike besture. Die ANC sê die regering, in die dokument sê die ANC die regering bedrieg die mense en is daar bloot net naamverandering van "community council" na "local authorities" en hulle funksioneer net om die mense te onderdruk en te politiseer. Dit is ook ons submissie dat dit word gesê deur die ANC dat die "community councils" word "local authorities" en hulle funksioneer net om die swart masses te onderdruk en te eksploiteer. Dit is presies wat die propaganda van UDF is en presies ook wat op VCA-vergaderings gebeur het. In die verband kan 'n mens kyk na daardie aanhalings vroeër wat ek het van die opsomming van die stigtingsvergadering van VCA, wat daar gesê is. Nou in die betrokke dokument, BEWYSSTUK CA.22, sê die ANC dat swart plaaslike besture ontsê die swartes van burgerskap en dit versterk die tuislandsisteem; dit is uitbuiting deur hoë huur en diensgelde; die verdeling van die swartes in die gemeenskap in die rewolusionêre aanslag teen die wit minderheidsbewind. Dit is ook wat UDF verkondig en VCA prakties propageer byvoorbeeld gassprekers op die stigtingsvergadering het gepropageer hulle word hul burgerskap ontneem. Die resolusie teen tuislande bevestig dit, die propaganda teen hoë huur en diensgelde waarmee hulle die gemeenskap onderdruk en uitbuit; dat

raadstelsels /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

raadstelsels swart gemeenskappe verdeel; dit is alles argumente en propaganda wat verkry is in die Vaal om die mense op te sweep. BEWYSSTUK CA.22, die ANC se oproep is "Organise! Mobilise! Fight on". Dit is ook presies die doelstellings van UDF en wat ook in die Vaal prakties uitgevoer was. In die dokument verder sê die ANC, is die oproep van die ANC om 'n verenigde front te vorm teen gemeenskapsrade; dit is ook wat UDF organiseer op spesifiek die Daleside kursus. Dit is wat prakties toegepas was deur VCA in die Vaal. Hulle het saamgewerk met die ander organisasies daar, dit het ons alreeds gesê, reeds uitgewys. In die bewysstuk sê die ANC dat "collaborators" in die gemeenskapsrade moet ontbloot en geïsoleer word. Dit is presies wat gedoen word deur UDF en hulle beleid. Dit is wat gedoen is in die Vaal, aanvalle op die raadslede as moontlike "puppets" van die regering, wat die regering se beleid uitvoer. In CA.22 is die ANC se opdrag hulle moet knelpunte gebruik, byvoorbeeld huur, watertariewe, sloping van huise, om die massas te mobiliseer in die stryd teen swart plaaslike besture. Nou dit weer is presies 100% wat UDF doen, 100% wat in die Vaal deur VCA toegepas was en vir presies die doel om hulle te mobiliseer teen die swart plaaslike besture. In CA.22 sê die ANC verder en gee opdrag om organisasies te stig in woongebiede op 'n stedelike vlak en nasionale vlak. Nou dit is presies die beleid wat UDF toegepas het en wat hulle uitvoer. Dit is wat die VCA ook gedoen het soos dit nog sal blyk lateraan, hulle het gehelp met die stigting van die organisasie van vroue in die Vaal. Daar is daardie een verslag van McCamel wat hy aan die algemene raad gedoen het omtrent die jeug-organisasie wat daar gestig is, die gebiedskomitees wat

daar / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar gestig is. Die ANC sê in hierdie dokument dat die tempo van die stryd veral in die gemeenskappe versnel moet word. Nou dit is wat uitgevoer word, die stryd is versnel. Die opposisie teen die raadslede is nagekom. Die ANC het opdrag gegee dat die regeringsorgane soos adviesrade, gemeenskapsrade en ander outoriteite vervang moet word met 'n demokratiese organisasie van die massas om hulleself te regeer. Nou ons het netnou 'n hele klomp gehad waar presies dit gedoen was deur UDF en UDF eise gestel het; dit is wat hulle gedoen het, hierdie "organs of people's power" wat ons hierso behandel het. Dit met alle respek is ook wat besig is om te gebeur in die Vaal deurdat hulle die raadslede wou vernietig en daar sou ook "organs of people's power" gestig gewees het. Nou met alle respek in die lig van die getuienis wat hier deur van die beskuldigdes gegee is, kan dit hoegenaamd nie, sê ons, betwis word dat VCA baie ver en ook ERPA, baie ver gegaan het buitekant die sfeer van die oplos van plaaslike probleme wat opgelos moes word binne die gemeenskap. Hulle is baie, baie ver buitekant dit. Met alle respek die hele opset in die Vaal tot op hierdie stadium bewys onteenseglik dat dit gedoen was alles ter bevordering van die vryheidstryd en magsoorname. Alles was gedoen vir daardie dinge en dat hulle 100% deel is van die sameswering van die UDF. Ek voel my keel begin ingee.

<u>HOF</u>: Nou hoe sal u tot die einde van die twee weke kan praat?

<u>MNR JACOBS</u>: Ek het vinnig gepraat vandag, vreeslik. Ek moet by 'n volgende afdeling kom, die volgende vergadering van 27 November.

<u>HOF</u>: U weet in elke goeie groot opera is daar 'n "under-

study / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

study". U sal maar so een moet regkry as u keel gaan ingee.

MNR JACOBS: Kan ek vra dat ons ôf 'n rukkie verdaag ôf dat ons miskien tot môre - dan sal ek aangaan en probeer om die deel van die Vaal waar ek spesifiek by betrokke was met die opstel. Ek het 'n deel vir mnr Fick gegee waar hy opgetree het. Van Sharpeville af kan hy miskien dit lees.

HOF: Ek dink ons gee vir u vyf minute om te kyk of u keel na 'n bietjie water kan herstel.

MNR JACOBS: Ek sal probeer.

K1452 DIE HOF VERDAAG KORTLIKS / DIE HOF HERVAT

MNR JACOBS: Dankie, edele. Ek begin dan op bladsy 115, paragraaf 5 daarso, die vergadering van 27 November 1983. Nou eerstens wys ek uit dat Esau Raditsela is eintlik die eintlike dryfkrag agter die VCA en dat hy 'n prominente rol gespeel het in die koördinasie en die organisasie van VCA aktiwiteite. Dit word bevestig deur die getuie McCamel wat onaktief begin raak het as voorsitter van die VCA as gevolg van probleme wat hy ondervind het met Esau. Die verwysings word dan gegee. Nou op 25 November het Esau Raditsela vir getuie IC.8 geskakel om VCA georganiseerde massavergadering in die Roomse Kerk in gebied 12 by te woon. Die doel van die vergadering was om die komende raadsverkiesing, om teen die raadsverkiesings te agiteer. Nou net om 'n oomblik daar stil te staan, ek vra die hof net om in gedagte te hou dit het niks te doen met plaaslike probleemoplossing nie maar dit is doelbewuste en soos dit nog verder uitgewys sal word, opneem van die UDF kampanje teen swart plaaslike besture, dat dit teen die verkiesings was. In BEWYSSTUK AN.15(8) word die vergadering geadverteer en dit was ook gehou op 27 November 193 en in hierdie verband wil

ek / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek graag die hof verwys na BEWYSSTUK AN.15(8). Nou volgens hierdie pamflet, dit is so dikwels in hierdie hof gesê dat die mense het geweet dit is die gemeenskap wat so gesê het, dit is die gemeenskap wat geweet het, maar hier is 'n duidelike aanduiding dat die doel van hierdie vergaderings was om die mense in te lig oor wat die aktiviste van die UDF hetsy in die Vaal - hetsy in VCA of in UDF self - oordra aan die mense. Dit word gestel uitdruklik in daardie advertensie BEWYSSTUK AN.15(8) dat die inwoners van die Vaal word uitgenooi na VCA vergaderings sodat hulle kan kom hoor hoe die wet op swart plaaslike besture hulle lewens gaan beïnvloed. Dan word dit ook uitdruklik gemeld dat "It is a lie that the municipal status would be better" en dit kan 'n mens nou weer terug herlei na BEWYSSTUK CA.22 toe wat ek netnou hierso behandel het. Hierdie pamflet stel ook die volgende knelpunte spesifiek in hierdie advertensie en koppel dit aan eise. Dit is dat die Vaal Civic Association "demands decent houses for all; demands low rents that we can afford; demands adequate schools for our children.." - dit is weer die koppeling met die ander organisasies en die skoolkinders, "condemns the community councils as puppet bodies; asks our people not to vote because nothing would be achieved". Nou my respekvolle submissie is hierdie is weer 'n duidelike bewys dat dit gaan nie hierso net bloot oor die plaaslike probleme nie. Op hierdie stadium wat belangrik is is hier word dit alreeds opgeneem want dit is reeds voorheen voorgeskryf deur die UDF; want hier was nog geen sprake van huurverhogings gewees nie. Nou word dit alreeds gebruik as 'n knelpunt om raadslede in ongunstige lig te stil. Nou die sprekers op hierdie vergadering en soos die advertensie

dit / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit aandui is weer UDF mense wat in die Vaal kom om daar te kom praat. Die eerste is Elliot Shabangu en dan ook weer Curtis Nkhondo wat die inwoners daar kom inlig oor hoe die swart plaaslike besture hulle lewens sou raak. Natuurlik was daar dan ook 'n klompie plaaslike sprekers op hierdie vergadering. Nou van hier af kon ek nie meer soos die ander gevalle waar ek die uittreksels alles saamgevat het van die besprekings nie, ek het uitgehardloop uit daardie deel. Ek gaan nou met die betoog self verder so ek sal elke getuie wat hy gesê het dan kortliks behandel soos in my betoogshoofde. Elliot Shabangu het dit aan die gehoor oorgedra en hulle is aangestig dat hulle glad nie aan die verkiesings moet deelneem nie want - dit is belangrik - deur aan die verkiesing van swart plaaslike besture deel te neem is om aan verkiesings van onderdrukking deel te neem. Weer die gedagte by die mense wat nou daar gekom het om te hoor hoe gaan die swart plaaslike besture hulle lewens beïnvloed, dat die swart plaaslike besture gaan onderdrukking bring. Curtis Nkondo het eers weer oor die swart onderwys gepraat en nogmaals die UDF knelpunt van swart onderwys gebruik om die mense in die Vaal op te sweep en te mobiliseer teen die staat. 'n Verdere beginsel van UDF wat hy effektief toegepas het was om onderwys te koppel aan die verkiesing van raadslede en verenigde aksie tussen die jeug en die ander inwoners te bevorder. Hy het die geykte COSAS/UDF argumente aangevoer dat die prefekstelsel 'n maaksel van die regering is wat tot niet gemaak moet word, vervang moet word met studenterade van hulle eie keuses. Hy het aangevoer dat daar deur die behoud van die prefektestelsel die regering die swartmense onderdruk. Verder het hy gesê

studenterade/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

studenterade kan die leerlinge verteenwoordig rakende skolesake en rakende onderwys. Nou hier kry ons weer die saadjie wat geplant word oor die alternatiewe strukture. Hy het dan ook gepraat oor die swart plaaslike besture. Beskuldigde 22 het ook op die vergadering gepraat volgens die getuienis. Hy het ook in sy toespraak te velde getrek teen die verkiesing van raadslede. Hy het die massas aangestig om nie aan die verkiesings deel te neem nie en derdens as 'n beweegrede het hy aangevoer dat deur aan die verkiesing deel te neem stem die mense vir onderdrukking. Dit gaan weer presies op dieselfde trant voor. Nou op hierdie vergadering is UDF en die organisasies gepopulariseer spesifiek UDF, COSAS, VCA en RMC is geadverteer en gepopulariseer deur baniere, plakkate en pamflette. Daar was handgeskrewe sowel as gedrukte plakkate en hierdie plakkate se bewoording het die aard van die UDF en die ANC se kampanje bevestig: "Away with councillors, away with high rents, away with black local authorities". Nou Esau Raditsela se leiding - hoedat hy koördineer en lei kom ook uit die volgende dele sterk op die voorgrond. Hy het buite die saal gereël met beskuldigde nr.5 dat laasgenoemde orde daar sal handhaaf en om plakkate te dra. Esau het plakkate uit sy motor gaan haal en vir hulle gegee om daarso te hou. Die doel van die plakkate was om die mense in te lig waaroor die vergadering gegaan het. Johnny Motete, 'n lid van die VCA bestuur het met 'n groep persone van Bophelong daar opgedaag met 'n banier. Die polisie ht daar observasie gehou en 'n reeks foto's van die plakkaatdraers en plakkate geneem. Die reeks foto's is hier by die hof ingehandig as BEWYSSTUKKE CA.8A tot H en hy het erken dat dit foto's is van hulle en die plakkaatdraers, sowel as

van / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

van die plakkate en die baniere. Die banier self was aan die hof getoon en daar is 'n foto geneem maar die volgende kom daarop voor wat nou daar voorgehou is aan die mense: "Unite against Botha's plans" - dit gaan baie verder as net blote plaaslike probleme oplos. Dan word die advertensie van die "people's rally" getoon en daarop word gemeld dat " Bophelong Youth Congress" bestaan het en dan "We do not vote". Die UDF plakkaat voor die hof, wat ook aan die hof getoon is en 'n foto van geneem is as BEWYSSTUK CA.8(F) het daarop gestaan "UDF uniteds, apartheid divides" en dan UDF se logo was daarop. Vir volledigheidshalwe het ek al die feite voor die hof geplaas soos dit is sonder om terug te gaan na die bewysstukke. Beskuldigde nr.5 het spesifiek daarso 'n selfgemaakte plakkaat gedra: "We support the Vaal Civic Association and UDF, don't vote". Daar word weer hul assosiasie met die UDF duidelik gewys en tentoongestel aan enige iemand in die woongebied wat daar is en dit is 'n manier om UDF te propageer en te populariseer. In BEWYSSTUK CA.8(C) een van die plakkate daar word die aanval op die raadslede getoon, dat "All the town council candidates all oppressors" dit mag miskien wees dat dit "are oppressors" moet wees. Nou die doel van die hou van die plakkate was onder meer om die mense te oortuig dat raadslede onderdrukkers is sodat die mense hulle verwerp en dit was die doel met die vergadering wat plaasgevind het. Dit is die getuienis wat dan gegee is op die bladsy wat ek daar aanhaal. Nou die rede word ook gegee hoekom die raadslede as onderdrukkers beskou word. Die rede was omdat hulle sou deelgeneem het aan die raadsisteem wat hulle lewenslank sou onderdruk, die Koornhofwette sou beteken dat hulle teruggestuur word na die

tuislande / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

tuislande toe. Die derde punt, die raadslede sou dit doen en hulle hulle politieke ontneem - snaaks daar kom dit ook weer terug uit die CA.22 uit. Raadslede neem deel aan die onderdrukking . vergelyk dit met die ANC se CA.22. Daar het ʼn klomp demonstreerders ook daar opgedaag. Dit het bestaan uit die demonstreerders wat daar gekom het saam met Johnny Motete as lede van VCA, lede van COSAS en lede van die Bophelong Youth Congress. Weer daardie verstrengeling van die verskillende organisasies. Die plakkate wat daar gebruik is, is verskaf deur die UDF. Nou in die saal sê ons was die UDF gepopulariseer deurdat die UDF-banier ʼn ereplek gekry het op die verhoor bokant die sprekers en ook die ANC is gepopulariseer op hierdie vergadering deurdat die ANC-leiers, terreur en die ANC self was gepopulariseer deur die sing van vryheidsliedere en die skree van die slagspreuke. Nou dan gaan ons na die vergadering van 19 Februarie 1984. Nou weer eens kry ʼn mens oor hierdie vergadering hoedat Esau Raditsela op die voorgrond is. Die dag voor die vergadering het Esau Raditsela vir IC.8 by sy huis gaan haal en hom geneem na die huis van McCamel sodat hulle finale reëlings kon tref vir die middag van die 19de se vergadering. Die doel van die vergadering was om aksiekomitees vir gebied 7 te kies. Nou weer in die totaliteit is dit duidelik elke keer - hierdie puntjies wat hier aangehaal is en wat onbenullig lyk bevestig die koördinering wat deur Esau Raditsela gedoen was. Dit gaan regdeur sal ʼn mens hierdie prinsiep kry en hoedat hy leiding en koördinering doen. Op hierdie vergadering van 19 Februarie is die ANC gepopulariseer en het die massas hulle geassosiëer met die ANC en terreur deur vryheidsliedere te sing oor die vryheid, die ANC, ANC-



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

leiers en terreur. Nou beskuldigdes 5 en 7 was ook prominent op hierdie vergadering gewees. Hulle het dit bygewoon en IC.8 het as voorsitter opgetree. Nou beskuldigde nr.7 het met soveel prominensie daar deelgeneem dat hy 'n toespraak gelewer het. Nou in hierdie toespraak van hom het hy hom toegespits op knelpunte weer van huur, hoë bustariewe en het hy die gehoor aangestig en gesê hulle moet die hoë bustariewe boikot en hulle moet veg vir hulle regte. Nog geen sprake van huurverhoging was duidelik op hierdie stadium nie en tog is dit belangrik om kennis te neem dat beskuldigde 7 reeds op hierdie stadium terwyl daar nog geen sprake van huurverhogings is nie, reeds gebruikmaak van die breë algemene knelpunt om die mense van die Vaal te politiseer en te mobiliseer tot strydvoering. Wat nog meer opmerklik is is dat hy nie probeer om enige oplossing voor te stel vir plaaslike probleme nie. Dit beantwoord volkome aan die ANC/ UDF beplanning en leiding dat die massas gemobiliseer en gepolitiseer word aan die hand van knelpunte en mens kan daarby voeg om aan die vryheidstryd deel te neem. Beskuldigde nr.7 was gekies op die aksiekomitee as vise-voorsitter.

Nou die volgende aspek wat behandel word, paragraaf 7, is AZAPO-bestuursvergadering van 10 Junie 1984. Op 10/06/84 het AZAPO bestuursvergadering gehou by die huis van beskuldigde nr.2 wat die voorsitter op die vergadering was. Op die vergadering het hulle die boikot bespreek asook die aktiwiteite van raadslede. Op die vergadering het die leiding gekom van beskuldigde nr.2 dat AZAPO Vaal met die ander organisasies in die Vaal soos VCA, COSAS en UDF saamwerk. Nou daar is gepropageer of gewerk vir 'n massavergadering, om een te organiseer om te wys dat die organisasies kan saamwerk om een en

dieselfde / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dieselfde doel te bereik en dit is "to disturb all the things that have got to do with the local authorities". Dit beteken hulle wou nie die raad hê nie, hulle moet nie kans kry om behoorlik te funksioneer nie en hulle moet geheel-en-al geboikot word. Wat hulle na gestreef het is dat die raad as die raad huurgeld verhoog moet hulle eers die gemeenskap ken. Ons wou hulle glad nie gehad het nie, het hy gesê, en hulle moes bedank. As hulle huurgelde verhoog sonder om die gemeenskap te ken moes die verhogings nie betaal word nie. Hier kry 'n mens al op hierdie stadium 'n belangrike beginsel wat uitgespreek word en dit is die nie-betaling van huurgeld. Nou dit is ons respekvolle betoog dat dit 'n belangrike deel van die getuienis is soos gelewer deur IC.8. Dit gaan saam met IC.8 se getuienis dat beskuldigde nr.3 ook lid was van die AZAPO-Vaal se bestuur. Hierdie getuienis verklaar ook beskuldigde nr.2 se optrede waar hy telkens opgetree het en so 'n leidende rol gespeel het in die reeks vergaderings wat gehou is beskuldigde nr.3 se kerk. Nou dit is ons respekvolle betoog dat IC.8 se getuienis korrek is in hierdie opsig en die verdediging se ontkenning van samewerking in die Vaal 'n blatante leuen is. Die waarheid van IC.8 se getuienis en die valsheid van beskuldigde nr.2 en die verdediging se ontkenning word deur AZAPO president Ismael Mkhabela self gedoen. Hier is die passasie nou waar ek vir die hof gesê het ek sal lateraan by hom uitkom. Nou hier word 'n baie belangrike aanhaling van Mkhabela gedoen.

> "Mkhabela and other national officials regularly attend meetings of the Vaal Civic Association Sebokeng as an act of solidarity ane to take the opportunity of sharing prospectives with them. He and his fellow office

bearers / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

> bearers are all members of the Soweto Civic Association or their local equivalents and some provide leadership at branch level.
>
> "True", Mkhabela agrees, "issues tackled on the civic level are not the same as those that concern us at a national or political level, but we see it as our duty to infuse political implications and perspective into civic matters".
>
> Asked about relations with the UDF, he says that in some recent campaigns, such as those against the town council elections and tri-cameral parliament, AZAPO has when feasible - for example in Nelspruit in the Eastern Transvaal - shared a platform with the UDF. "And on other civic issues, we rub shoulders and work with them. At that level, it's the issue that's important. If an issue affects the whole community, there isn't a UDF zone and an AZAPO zone."

Ons respekvolle submissie is dat hierdie getuienis bevestig die korrektheid daarvan en wat ek nie kon behandel het in hierdie geval nie is die getuie wat die verdediging geroep het omtrent die AZAPO-leier wat hier getuienis gegee het oor daardie spesifieke band waarna in die getuienis van IC.8 verwys is. Nou u sal onthou dat daar op 'n stadium gestel is en herhaalde kere gestel was in die Vaal net een AZAPO-tak was en dat beskuldigde nr.2 die voorsitter daarvan was. Die getuie het hierso getuig dat daar verskeie takke gewees het en dit is bevestiging vir IC.8 se getuienis ook in die opsig dat hy sê hulle het georganiseer om verskillende takke te stig in die Vaal. En dit het gekom van die getuie wat deur die verdediging geroep is dat daar was verskillende

takke / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

takke in die Vaal van AZAPO. Ek het ongelukkig nie daardie verwysing vir die hof nie.

Ons kom by die stigtingsvergadering van die vroue-organisasie. Dit is op bladsy 125. Sal ons dit môre neem, edele, ek sien dit is 16h00?

DIE HOF VERDAAG TOT 2 AUGUSTUS 1988

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

DIE HOF HERVAT OP 2 AUGUSTUS 1988

HOF: Ja, mnr Jacobs, waar was ons?

MNR JACOBS: Dankie, edele op bladsy 125. Ek gaan dan met die betoog aan op bladsy 125, die stigtingsvergadering van die vrou-organisasie.

HOF: Ek het 'n bietjie oor die behandeling van die betoog gedink. Vanuit die standpunt van 'n regter gesien as ek nou hier 'n maand gesit en luister het na al die feite wat albei kante voor my gooi - dit is onmoontlik om dit alles te onthou sonder dat dit op papier staan. Nou dit is op papier maar om dus elke detail, byvoorbeeld om so laat was daar 'n brand in daardie straat in daardie voorstad en so laat is 'n polisievoertuig aangeval in daardie voorstad. Om daardie gegewens te gee vir my terwyl dit op papier staan sal eintlik 'n tydverkwisting wees. Ek dink dit is nie nodig dat u elke detail wat in elk geval op papier staan herhaal nie en meer saamvat sodat ons 'n globale beeld kry en sê kyk op hierdie bladsye staan daardie detail, dit kan u self lees. Al sou u dit vir my voorlees sou dit oor 'n week in elk geval weer verlore wees.

MNR JACOBS: Ja, dit is daarom dat ek gister gesê het dit is 'n moeilike soort betoog om aan die hof voor te lê want kyk daar is baie plekke waar ek kommentaar lewer oor getuienis.

HOF: Ja, u moet maar uitkies wat u wil beklemtoon maar ek dink nou bloot feitlike detail van gebeure byvoorbeeld ensovoorts, as dit geskryf is, is dit geskryf. Ek kan nie vir u sê hoe u moet betoog nie maar ek dink nie dat dit nodig is om vir ons die fyner detail te gee nie en u hoef ook nie vir ons te vertel presies waar dit staan, in watter

bewysstuk / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

bewysstuk as die bewysstuk in elk geval op die bladsy genoem word nie. Dan kan u sê kyk ek is besig met daardie bladsy en uit dit blyk die volgende.

MNR JACOBS: Dit sal op hierdie oomblik 'n bietjie moeilik wees dat ek sommer net gaan uitkies watter dele ek wil - miskien sal dit help as ons miskien kan gaan en ek tyd kan kry om net die dele te gaan soek want nou het ek dit nie so voorberei nie en ek moet u sê ons het hierdie stuk soos hy klaargeskryf is ook eers oor die naweek gekry. Ek werk ook elke dag vooruit om die hof voor te berei.

HOF: Nee, ek begryp maar as u net vir my voorlees wat hier staan dan is ek eintlik niks wyser as wat ek is wanneer ek dit self lees nie.

MNR JACOBS: Dit is daarom dat ek gister die voorstel gemaak het dat 'n paar dae miskien..

HOF: Nee, ons het nie soveel tyd nie, mnr Jacobs. Maar gaan maar voort en onthou u dit net wanneer u met die betoog besig is dat u nie elke detail vir ons hoef te gee nie.

MNR JACOBS: Kan ek ook net die leiding van die hof kry. Ek maak byvoorbeeld van verskillende stellings wat hier gemaak is, wat ek uitgelig het en aangehaal het, dan gebeur dit dat ek die getuienis behandel op spesifiek daardie stellings. Ek verstaan nou nie heeltemal nie, verwag die hof dat ek dit dan ten minste - of moet ek net die bewysstukke uitlaat want dit vorm 'n basiese deel van enige argument wat ek aan u stel.

HOF: Nee. Nee, ek kan nie vir u sê hoe om u argument te voer nie. Daar is sekere dele wat 'n mens pertinent moet voorlê en sekere dele wat 'n mens maar daarby kan laat, maar dit is 'n kwessie van diskresie. Maar die feite is dat as

ek / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek het u 'n voorbeeld gegee. Dit het nou gegaan oor 'n stukkie wat ek gelees het oor die Vaal, die gebeure in die Vaal. U maak die afleiding dat daar in die oggend voor die optog alreeds oproer was in Sebokeng.

MNR JACOBS: Dit is reg.

HOF: Goed, dit is u afleiding. U sê hier is die detail. Dan hoef nie al die detail vir ons te gaan voorlees nie want dit staan op papier. U kan in die algemeen dit vertel, daardie soort ding, maar ek kan nie vir u sê wat u moet doen en wat u nie moet doen nie.

MNR JACOBS: Nee, ek besef dit, ek sê ook nie die hof sê vir my so nie. Ek wil net eintlik soort van leiding hê want ek wil nou nie onvolledig voor die hof - ek gaan dan naderhand hier begin lui raak en ek slaan sommer dele oor wat groter word.

HOF: Dit is u risiko, mnr Jacobs.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag. Ek sal dan aangaan en dan sal ek in die teetyd wat kan ek uithaal.

HOF: Ja.

MNR JACOBS: Ek het ongelukkig, soos ek sê, ek kon dit nie op so 'n manier voorberei het nie. Ek het die hele stuk ook weer voorberei sover as wat ek kon om dan aan die hof te stel. Dan sal ek kyk in die teebreek of ek sekere dele kan sommer vinnig uithaal en vir die hof sê kyk, dit konsentreer ek op.

HOF: Ja.

MNR JACOBS: Dan gaan ek op die oomblik so aan soos hy hier is. Die eerste punt wat ek maak dan hierso is dat hierdie vroue-organisasie, dat Esau Raditsela en die VCA het weer 'n leidende rol hierso gespeel, en hierdie vergadering

waar / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

waar die stigting van die vroue-organisasie geskied het was georganiseer deur Esau Raditsela as die vise-voorsitter van VCA, Edith Letlhaka as die tesourier van VCA en Dorcas Raditsela wat die vrou van Esau was. Nou ons noem dit dat ons dit beskou as belangrik dat die inisiatief vir die organisering en mobilisering van die vroue in die Vaal geneem is deur die aktiviste in VCA. Dit beklemtoon ook die feit dat Esau Raditsela die werklike dryfkrag in die Vaal was en dat hy daadwerklik die voorskrifte van die ANC soos beliggaam in BEWYSSTUK CA.22 uitvoer. U sal agtergekom het ek het gedurende die betoog kort-kort en dit gaan ook verder, want ek wys die dryfkrag van Esau Raditsela en hoekom ek dit so - ek moet miskien op hierdie stadium die hof inlig hoekom ek dit so belangrik ag, want ek sal na die einde toe argumenteer dat daar by die optog, die feit dat Esau wat altyd die leiding geneem het nou skielik nie die leiding geneem het by die optog nie. Ek noem dit net op hierdie stadium om te bewys dat alles toon dat Esau by die optog self ook die leiding geneem het. Hy is die krag wat optree van die begin af en soos die sake ontwikkel tot op die end is hy die leidende krag en daarom beklemtoon ek kort-kort hoedat Esau die leiding neem en die koördinasie doen en dan hierdie tipe argumente wat ek aanhaal hierso. Nou die getuienis was dat die doel was om die vroue-organisasie te stig en VCA sou saamgewerk het. Vroue-organisasies wat bestaan het, het niks te doen gehad met daaglikse knelpunte in die gemeenskap nie. Dit is die getuienis wat daar gewees het. Nou die feit stem saam met die feit dat dit UDF se beleid was dat organisasies moet gestig word en ook die ANC se beleid en dit word hier uitgevoer. Nou ek noem dit hier dat op

hierdie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie vergadering het Lord McCamel dit duidelik gestel en by die vroue tuisgebring dat hulle in die VCA die vroue nodig het om te veg teen die knelpunte. Amanda Kwadi wat daar op dieselfde vergadering teenwoordig was en namens FEDSAW daar opgetree het, het weer die verlede van die vroue geskets en aan hierdie mense van die Vaal oorgedra hoe die vroue deelgeneem het aan die stryd in die verlede en sy het nadat sy hierdie skets gegee het van die vroue se aandeel in die verlede het sy gekom en hulle aangestig en aangemoedig om in opstand te kom in die Vaal en om deel te neem en aktief deel te neem aan die stryd. Nou sy gebruik ook knelpunte om die vroue te mobiliseer. Edith Letlhaka van VCA het ook knelpunte gebruik om die vroue te mobiliseer om aan die vryheidstryd deel te neem en te veg. Sy het gebruik gemaak van die hoë huur en die mense se inkomste wat verlaag is of verlaag gebly het en dan het sy geneem ook die skolekwessie op hierdie vergadering, dat ouers betaal vir skoolopvoeding van hulle kinders en hoe skoolgelde gedurig verhoog word en dat die ouers daardeur verarm word en het sy benadruk dat die vroue hulself moet identifiseer met wat gebeur en saam met die mans te veg. In haar toespraak het sy ook 'n aanval op die raadslede gedoen en gesê hulle is daarvoor verantwoordelik dat die huur verhoog is en as hulle die raadslede ondersteun, ondersteun hulle hulle eie onderdrukking. Dit weer is 'n hele groot globaal van die UDF se kampanje teen swart plaaslike besture. Aubrey Mokoena, hy het gepraat namens - ons weet uit die feit uit dat hy is van UDF en hy is ook die man in beheer van die "Release Mandela Committee" en hy het die knelpunte opgeneem van die politieke gevangenes en oor hulle leiers wat in die tronke opgesluit word en



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat hulle daarvoor moet agiteer dat hulle vrygelaat moet word. Nou op sy versoek was Senzeni na saggies geneurie terwyl hy voordrag gelewer het en wat toe dan ook gedoen was en in sy voordrag en sy toespraak het hy gegaan oor die name van die persone wat in die gevangenis is en hy het genoem Nelson Mandela, Walter Sisulu, Govan Mbeki en andere. Dit is weer 'n bevordering en assosiasie van die ANC op hierdie vergadering volgens ons respekvolle betoog. Nou die besluit was toe om die organisasie te stig en dat hierdie organisasie wel sou saamwerk met VCA en daar is ook besluit dan hulle sou affiliëer by FEDSAW en UDF. Nou hy het 'n interessante stukkie getuienis gelewer, die getuie vir die staat, op hierdie aspek dat VOW sou saamwerk met die progressiewe organisasies en dan ht hy die definisie gegee van "progressiewe" organisasies wat te doene het met knelpunte om die mense te verenig. Dit is duidelik die mobilisasie-idee wat hy hier probeer weergee het in sy taal en hy het gesê dat VCA is so en die vakunies is sulke progressiewe organisasies wat deur knelpunte mense verenig. En dit is al die organisasies wat met UDF geaffiliëer het. Nou op hierdie stadium het die getuie getuienis gegee dat VCA is self 'n progressiewe organisasie wat werk vir die eenheid van die mense. Dit is egter 'n lang proses het hy gesê daarom is dit nodig om mense bymekaar te bring en hulle daarvan bewus te maak dat hulle 'n eenheid vorm. Nou die "bewus te maak" is ons respekvolle betoog om hulle te politiseer om 'n eenheid te vorm en om deel te neem aan die vryheidstryd. Nou getuie en Esau Raditsela het dan ook bespreek hoe om eenheid te verkry maar hulle kon nie saamstem nie. Sy voorbeeld is nogal baie insiggewend en interessant want hy stel dit so, hulle stel eers die probleme van die

mense / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mense vas in die gebied, en dan kom dit dat die raadslede kan hulle nie verteenwoordig, maar hulle was die oorsaak van die probleme. Nou hy het persoonlik gevoel dat die raadslede met hierdie probleme genader moet word omdat hulle die oorsaak van die probleme sou gewees het maar dan kry mens die gevoel oor die hele standpunt van die VCA en op hierdie laaste punt dat die raadslede genader moet word is dit die standpunt van die getuie dat waar hy en Esau verskil het is oor die standpunt van Esau dat om met die raadslede te onderhandel beteken om die stelsel van swart plaaslike besture te erken en dit was die oorheersende gesindheid van die VCA dat daar geen onderhandelings met raadslede moet wees nie. Die vernaamste feit is dat hulle die raadslede en die raadstelsel totaal verwerp het en daar moet weggedoen word met die stelsel. Nou dit met alle respek is heeltemal in samehang en identies met die UDF en die ANC se beleid. Nou ten aansien van hierdie vergadering het dit gebly dat daar gedurig by die vergaderings van hierdie gemeenskapspublikasies versprei was deur Thembekile Sehluko wat die leier was van VCA se komitee oor publikasies. Nou die publikasies wat versprei was is SASPU National, Speak, Work in Progress en traktate van die Black Sash. Nou McCamel het die publikasies ontvang van UDF wanneer dit UDF publikasies was en SASPU National is vanaf SASPU National ontvang. Nou net om dit weer in te bring hier kry ons weer die duidelik beeld hoedat UDF ook hulle publikasies en gemeenskapspublikasies versprei het ook in die Vaal.

Nou die huisvergaderings is die volgende hofie wat behandel word. Daar is verskeie van hierdie huisvergaderings wat plaasgevind het en wat georganiseer is deur

beskuldigdde 10/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

beskuldigde 10. En dit was gedoen hoofsaaklik vir die stigting van ŉ gebiedskomitee in gebied 3 en ook om die massavergadering van 26 Augustus 1984 te Small Farms te organiseer. Nou die eerste vergadering het plaasgevind op 16 Augustus 1984 aan huis van beskuldigde 10. Nou daar was verskeie mense wat dit bygewoon het maar onder andere beskuldigde nr.8 was daar gewees. Nou beskuldigde nr.10 wat die gebiedsverteenwoordiger van gebied 3 is op VCA se bestuur het op hierdie vergadering voorgesit en voorgestel dat ŉ gebiedskomitee gestig moet word. Hulle het op hierdie vergadering ook knelpunte - dit is tog belangrik dat knelpunte is geïdentifiseer. Mense moes hulle griewe gestel het oor die verhoogde huur sodat die VCA dit kon gebruik in die kampanje teen plaaslike besture. Nou beskuldigde 8 het op daardie geleentheid dan ook raadslede aangeval en gesê hulle werk nie reg nie maar hulle verhoog huurgeld gedurig. ŉ Ander spreker het gesê dat die raadslede op ŉ sekere vergadering van die mense wat vrae gestel het met ŉ vuurwapen gedreig. Die vergadering het verdaag en dan kry ons die tweede vergadering op 21 Augustus waar beskuldigdes 10, 8 en 17 teenwoordig was op hierdie besondere vergadering. Op hierdie vergadering was ook die mense van gebied 7 wat saam met gebied 3 vergadering gehou het en beskuldigde 10 het hulle aan die mense van gebied 3 daar voorgestel. Nou die getuienis van die staat is dat Esau het aan die vergadering deelgeneem en dit pas heeltemal in by die beeld wat ons tot dusver geskets het, hoedat hy die persoon is wat leiding neem. Ek sal dit net weer kortliks toelig as ek hierdie deel klaar behandel het. Nou Esau het op hierdie vergadering gepraat en gesê hy is dankbaar dat die mense van gebied 3 bymekaar gekom het, dat die mense

nie / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie moet skrik indien hulle gearresteer word nie want die VCA werk soos 'n vakunie en sal die mense help. Hy het hulle ingelig oor die vergadering van 26 Augustus 1984 te Small Farms waar hierdie kwessie volledig bespreek sou word. Nou Esau het gesê die vergadering sou geadverteer word deur pamflette wat versprei sou word en dat hy wat Esau is pamflette sou verskaf. Dit pas nog alles in by die karakterbeeld van Esau soos tot hiertoe uitgelig aan die hof. Nou verder sou die vergadering geadverteer word deur 'n luidsprekerstelsel om daarmee deur die strate te ry. Nou op hierdie vergadering het 'n persoon gemeld - wat 'n raadsvergadering bygewoon het en waar raadslid Matjila in 'n toespraak sou gesê het dat van die raadslede is ook ontevrede met die huurverhogings en dat 'n petisie deur die gemeenskap deur hulle ontvang sou word en dat dit aan hulle besorg moet word. Die vergadering het op hierdie stadium aanvaar om 'n petisie uit te stuur op 'n petisievorm en die getuienis is dat dit sommer 'n blankovorm is wat daar geteken was. Dit is 'n baie belangrik aspek vir die latere getuienis waar ons sê - latere behandeling van die getuienis waar ons sê dat hierdie petisie was maar eintlik net 'n "bluff" gewees. Dit was net 'n storie want om sommer net so 'n blanko papier te teken en vir die mense te gee kan nie 'n petisie wees nie. Nou Edith het op hierdie vergadering gesê dat die vroue moet ook op 26 Augustus die vergadering bywoon om 'n komitee van die vroue-organisasies daar te kies. Nou beskuldigde 10 het papier aan Esau oorhandig vir die plakkate. Op sy getuienis verder op die derde huisvergadering, op 24 Augustus is nog 'n gesamentlike gebiedskomiteevergadering gehou vir gebiede 3 en 7 en dit was gehou by die huis van beskuldigde nr.17.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Onder andere was beskuldigde nr.10 ook daar teenwoordig en natuurlik Esau Raditsela en Edith Letlhaka. Die doel van hierdie vergadering was om die gesamentlike vergadering van 26 Augustus 1984 te beplan en om te beplan wie geskikte sprekers sou wees en wie die voorsitter van die vergadering sou wees. Nou dit was besluit gewees dat Lord McCamel eerste keuse vir voorsitter sou wees en dit het ook later in die getuienis uitgekom dat ook beskuldigde 6 was 'n keuse gewees as voorsitter. Op hierdie huisvergadering het beskuldigde 10 ook die voorstel gemaak dat 'n gebiedskomitee vir gebied 3 op 26 Augustus 1984 gekies moet word. Nou daar is spesifiek besluit op hierdie vergadering in die beplanning van die 26ste se vergadering dat die saal binne opgemaak moes word met plakkate en Esau het weer aangebied om die plakkate te verskaf. Dit is weer in lyn met Esau se karakter soos dit sover openbaar is in hierdie getuienis en in hierdie saak. Nou Mahlatsi het op hierdie stadium die vergadering verlaat terwyl hulle nog besig was. Nou die tema van die vergadering van die 26ste was ook besin op hierdie vergadering en daar is besluit dat die tema van die vergadering sou die verhoogde huur wees. Daar sou aangedring word op die bedanking van raadslede weens hulle misbruike van die huurders se geld vir hul eie gewin. Nou dit is belangrik want dit is wat ook gebeur het op die vergadering. Daar is aangedring op die bedanking van raadslede. Op 25 Augustus - ek gaan oor na die punt waar die vergadering van die 26ste met die luidsprekers geadverteer was sowel as met pamflette en dat beskuldigde nr.10 daaraan deelgeneem het en Mahlatsi self het daaraan deelgeneem en die pamflette is versprei. Wat eintlik van belang is is dat ook beskuldigde

nr.8 / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nr.8 deel was daarvan en op hierdie roete waarop hulle die aankondigings gedoen het op bladsy 135, word daar ook geagiteer teen die raadslede. Hy het gesê dit gaan oor huurverhogings en Esau wat ontevrede is moet na die vergadering gaan. Hy het gesê die mense het die raadslede gekies, dat hulle die inwoners se geld gebruik vir eie gewin en hier gaan ook die propaganda op hierdie geleentheid voort. Nou in hierdie geval het ons dit goedgedink om die kruisondervraging, sekere grepe daaruit voor te lê wat op bladsy 135 verskyn. Nou dit blyk uit die kruisondervraging ten opsigte van al die huisvergaderings waaroor getuie getuig het dat alles saamgevat was. In hoofsaak kom dit daarop neer dat die verdediging in wese met die getuie saamgestem het in hierdie verband. Daar is sekere punte waar dit verskil maar ek moet sê globaal. Miskien in wese moet ek sê globaal saamgestem het behalwe vir sekere punte. Dit behandel ek van die subhofie 2. af. Die volgende verskille deur die verdediging gestel word gemeld. Dit was gestel dat Esau Raditsela, Edith Letlhaka en beskuldigde 17 kortstondig die eerste vergadering bygewoon het omdat hulle besorg was - en dit is 'n belangrike stelling, dit is gestel op die eerste vergadering. Ek haal hierdie aanhaling bietjie later volledig aan op bladsy - ek dink dit is bladsy 140. Maar nou word die stelling gemaak dat op die eerste vergadering het hulle dit bygewoon, hierdie drie persone, omrede die mense van gebied 3 nie 'n geskikte lokaal kon vind vir die hou van die massavergadering nie. Dit is ons betoog dat die getuie se getuienis-in-hoof 'n korrekte weergawe bied aangesien dit voor-die-handliggend is dat Esau Raditsela en sy maats, dit is beskuldigde 17 en Edith, op hierdie

stadium / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

stadium nie kon geweet het dat die mense van gebied 3 'n massavergadering sou hou nie. Hulle het immers toe vir die eerste keer vergader volgens die verdediging se eie relaas ook. Dan 'n volgende punt wat gestel was, die stelling word aan die getuie gemaak dat die mense van gebied 3 het die mense van gebied 7 gevra om 'n lokaal met hulle te deel. Hier is 'n belangrike verskil tussen wat later uitkom wat ek net hierna behandel, hier vra gebied 3 om hulle lokaal te deel. Lateraan dan kom die getuienis - dit bots met die latere getuienis van die verdediging dat Edith Letlhaka en die mense van gebied 7 kom aanbied het dat hulle die lokaal wil deel. Daar is volume 150, bladsy 7 871, as die hof dit net sal inskryf voor paragraaf 4. Dit is bladsy 136.

ASSESSOR: Wat is die volume nou weer?

MNR JACOBS: Volume 160, bladsy 7 871. Nou die volgende, 4. is maar net dat aangebied is om 'n tent op te slaan vir die hou van die vergadering. Dan punt 5. Dit was aan die getuie gestel dat beskuldigde nr.17 slegs teenwoordig was by die eerste huisvergadering en die getuie het bevestig dat beskuldigde 17 teenwoordig was by die tweede vergadering waar ook Dorcas Raditsela, Edau Radisela en Edith Letlhaka teenwoordig was. Nou die huisvergadering van die 21ste, die getuie bevestig in sy getuienis onder kruisondervraging dat Esau Raditsela dit op 21 Augustus 1984, op daardie vergadering dit bevestig het dat 'n geskikte lokaal gevind is vir die massavergadering van 26 Augustus. Nou die verdediging het die stelling gemaak dat beskuldigde 18 teenwoordig was op die vergadering toe daar bekend gemaak was dat 'n lokaal vir die massavergadering gevind was. Nou punt 7. en nou begin ek aandag gee aan daardie ander aspekte.

Dit / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit is deur die verdediging gestel dat 'n komitee aangestel was bestaande uit beskuldigdes 15, mev Olifant en beskuldigde nr.18 en Jacob Selebalo om die voorgestelde petisie op te trek en dit word deur die getuie ontken. Dit is ons respekvolle betoog dat die getuie se getuienis korrek is want hoewel daar 'n beweerde komitee aangestel is was daar absoluut niks gedoen om hierdie petisie tot stand te bring nie. Dit word ook betoog dat dit slegs opgehaal word om hierdie getuie in diskrediet te probeer bring. Volgens beskuldigde 18 se getuienis op bladsy - ja, het daar niks van gekom nie, van hierdie petisie nie. Nou die sprekers wat daar gekies was, ek haal hulle hier aan net vir die een rede - ek sien ek het nie die besluit wat daar ook gestel was en wat die verdediging se getuies erken het nie, dat ook beskuldigde nr.5, of 'n jeugspreker sou gekry word deur Esau wat nog hierso moes bygekom het maar mev Olifant en mev Rina Mokoena was altwee sprekers wat die Vaal Organisation of Women daar verteenwoordig het en daar was ook die spesifieke spreker oor die VCA wat beskuldigde nr.17 was en soos ek sê beskuldigde nr.5 was daar 'n besluit gewees dat hulle moes 'n jeugspreker kry. Nou ons argument omtrent hierdie huisvergaderings is dan op bladsy 139 onder paragraaf 9. Die staat se bewering is dat hierdie reeks huisvergaderings deel is van die sameswering en dat dit uitgevoer is deur die VCA om die sameswering te bevorder. Verder die derde punt is dat Esau Raditsela en VCA 'n leidende rol gespeel het in die beplanning, koördinasie en uitvoering hiervan ten einde die massas bymekaar te kry op 3 September vir gewelddadige aksie. Dit is ons respekvolle betoog dat die verdediging dit probeer weerlê het met 'n verweer waar die getuienis wat aangebied (30

was / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was deur hulle so ernstig en wesenlik weersprekend van aard is dat dit die verweer totaal vernietig en terselfdertyd die getuienis van die staat se getuie Mahlatsi versterk en kan geen grond gevind word op grond waarvan die verdediging die agbare hof kan versoek om sy getuienis as onbetroubaar te bevind nie. Ons maak hierdie spesifieke stelling want die basis van die verweer wat aan hom gestel is, is nie korrek nie. Met ander woorde waarop is hy gekruisvra, op stellings wat klaarblyklik verkeerd was. Die volgende word ter ondersteuning aan hierdie agbare hof voorgelê. Dan die eerste stelling en ek dink dit is belangrik dat ek dit wel uitlees. Soos reeds uitgewys word dit aan die getuie Mahlatsi gestel:

> "Do you recall whether Mr Esau Raditsela en mrs Edith Lethlake and Mr Matlole, accused no.7, made a brief appearance at the first meeting?"

Dit word spesifiek gespesifiseer: "at the first meeting". Dan het uself gevra, die hof gevra "Is that put?" en toe het mnr Bizos geantwoord:

> "It is put, yes. And their concern was that the zone 7-people had difficulties in finding a venue for a meeting. My lord, it was a strange figure on my instructions, it could be either a 7 with a cross or a continental 7 or a 3.
>
> Court: Yes, so what you are putting is their concern was zone 3 people had difficulty..
>
> Mr Bizos: Had trouble in finding a venue."

Die getuienis van beskuldigde nr.10 is dat..

ASSESSOR: Ag, ekskuus, ek wil net vra by nr.10 is 'n korreksie daar.

MNR JACOBS / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR JACOBS: Ag ekskuus, edele, ek het vergeet om..

ASSESSOR: En dan is daar ook een op bladsy 128 waar u betoog anderste lui as die - dit is klaarblyklik 'n fout. Die tweede paragraaf, laaste lyn: getuie en Esau Raditsela het bespreek om ene te verkry maar hulle kon nie saamstem nie. U sê ons kon nie saamstem nie, maar het u dit maar gelos tot u weer 'n slag asemskep?

MNR JACOBS: Ja, dit gebeur nou dat van die klein tikfoutjies wat hier ingesluip het, foutjies wat ek gemaak het, dat ek dit nie behandel het nie omdat ek nie oor hom lees nie. Ek probeer korter gaan.

ASSESSOR: Ek sien.

MNR JACOBS: Ek is jammer as daar nou..

ASSESSOR: Nee, as ek so 'n dingetjie raaksien sal ek dit net korrigeer. Dit is duidelik wat u bedoel.

MNR JACOBS: Nou beskuldigde 10, nou gaan ek oor na beskuldigde 10 se botsende weergawe. Die getuienis van beskuldigde nr.10 is dat hulle op hierdie eerste vergadering vir die eerste keer besluit het om 'n massavergadering te hou. 'n Moontlike datum naamlik 19 Augustus 1984 was genoem en dat daar 'n lokaal vir die hou van die vergadering verkry moes word in Evaton of Residensia. Nou is dit eienaardig, ek het dit reeds opgehaal dat op hierdie eerste vergadering terwyl hulle daar eers besluit hulle gaan 'n vergadering hou, hulle beplan nog watter lokaal hulle kan kry, word dit gestel dat hulle het al hier gekom op hierdie eerste vergadering omdat hulle bewus was van die probleem van die mense van gebied 3 dat hulle nie 'n lokaal kon kry nie. Dan wat eienaardig opval hier, ek het dit nie gemeld verder nie, is lateraan - u sal sien soos ek kom word die bewering gemaak dat Edith

Letlhaka / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Letlhaka en dit was die getuienis wat aangebied was, sou op een van die vergaderings gekom het en sy sou die praatwerk gedoen het terwyl Esau daar eenkant gestaan het; wat heeltemal botsend is met sy aard en tog toevallig kry ons dit hier dat Esau daar gekom het en die aanbevelings of die voorstelle gemaak het of hiernatoe gekom het. Nou dan beskuldigde 10 se getuienis verder oor die vergadering of die gebeure op die eerste vergadering en wat ons beskou as die tweede botsing. Beskuldigde 10 se getuienis ten aansien van die eerste huisvergadering was:

> "..towards the end of the meeting the vice-chairman of the VCA, mr Esau Raditsela together with the area representative for zone 7, Mrs Edith Letlhaka and a member of zone 7 area committee..
>
> COURT: Or accused no.17? -- Accused no.17.
>
> MR BIZOS: Did they participate in the deliberations of the house meeting or not? -- They did not. When they arrived I was chairing the meeting and I asked to be excused to be able to talk to the people and they mentioned that they had come by just to check that the people they had directed to my house for the meeting who were residents of zone 3 had found the place."

Nou is sy getuienis heeltemal 'n botsende weergawe van wat aan die getuie gestel was. Dan kry ons die deel waar beskuldigde 10 vir Edith in die trein ontmoet het. Die eerste keer toe ten minste gebied 7 se mense gehoor het dat gebied 3 se mense nie 'n geskikte lokaal vir die hou van die massavergadering kon vind nie was op 20 Augustus 1984. Beskuldigde 10 se getuienis hieroor is die volgende:

> "Between the second and the third meeting did you

meet / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

meet anyone on the VCA executive? -- Yes, on the 20th.

Who did you meet? -- On my way to work I boarded the same train with Miss Edith Letlhake.

Did you discuss any problem with her? -- Yes, I indicated to her that we had thought by now we would have held our mass meeting for zone 3 but because of the problems we had with the venue, we had not been able to do so."

So dit is weer heeltemal 'n ander prentjie wat dit gooi op die stelling wat aanvanklik gemaak was aan die getuie. Die voorstel van 'n gesamentlike massavergadering wat volgens die verdediging se weergawe op 21 Augustus op die derde huisvergadering die eerste keer te berde gebring is - nou dit is nou weer 'n volgende stelling:

"At he meeting of the 21st, the third housemeeting did anyone from the executive arrive at your house?

COURT: Just a moment. I thought the third house meeting was on the 22nd?

MR BIZOS: The 21st. We could just ask the witness.

On what date was the third house meeting? -- The 21st

Did any member of the executive arrive? -- Miss Edith Letlhaka arrived in the evening.

Did she make a report to you or say anything to you?

.....

MR BIZOS: As a result of a discussion between you and Miss Edith Letlhaka was any discussion as to whether or not your meeting of the 26th should take place at any venue? -- According to Miss Letlhaka's report was that zone 7 area committee had offered us to share the venue they had booked for their own meeting on the 26th

of / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

of August 1984.

Did Miss Letlhaka and Mr Aditsela take part in the discussions at this housemeeting? -- No. What I know is that Mr Raditsela as they were leaving only wished us well."

Dit is waarna ek netnou verwys het toe ek gesê het heeltemal teen sy aard en karakter het Esay Radisela nou skielik hier niks te doen nie, dit is net Edith Letlhaka wat opgetree het. Nou 'n verdere kinkel in die kabel kom na vore wanneer die volgende aan getuie Mahlatsi gestel word:

"Yes. And as there was talk about zone 3 also wanting a mass meeting? -- Yes, we wanted to hold a meeting in zone 3 but because of the lack of a venue we then agreed that we are all going to hold one meeting that is zone 3 and 7, at Small Farms.

Yes and that you would ask the zone 7 people to share their venue with you? -- That is so."

Nou weer kom hierso uit dat die inisiatief vir die massavergadering nie gekom het van die gebied 7 mense nie maar dit sou nou van die gebied 3 mense uitgegaan het om te vra. Nou ons stelling is dan dat die een van die verdedigingsgetuies het oor die belangrike feit getuig nie en dit is ons respekvolle betoog dat die verskillende weergawes van die verdediging soos hierbo uiteengesit nog meer onder verdenking plaas. 'n Feit wat 'n mens vreemd opval is dat getuie Vilakazi (voorheen beskuldigde nr.18) blykbaar slegs die derde huisvergadering bygewoon het en die doel vir die hou van die vergadering gee as dit wat gebeur het op die eerste huisvergadering. Eintlik is dit bietjie lomp gestel. Eintlik wat ek hier bedoel is sy feite wat hy kom gee vir sy rede en die rede

vir / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vir die hou van die derde vergadering is eintlik die rede wat gegee was vir die hou van die eerste vergadering. Ten opsigte van die eerste huisvergadering getuig nr.10 dat die vergadering gegaan het oor en dan sê hy:

"Was the rent issue the only issue that was discussed at this first meeting? -- There were two issues. The issue of the forthcoming increase in rentals and the question of establishing an area committee."

Daarteenoor en terwyl geen ander getuie hetsy van die staat of van die verdediging dit getuig het nie, is hierdie getuie Vilakazi se getuienis soos volg:

"What was the purpose of that meeting? -- I would not say exactly what the purpose of the meeting was but at the time of the meeting the following was discussed there. The question of the coming increase on rent was discussed and the formation of a local organisation or organisation or group of people living in that area was also discussed.

COURT: What do you mean by that? -- By that I mean what was discussed there is the formation of the area meeting.

Of VCA? -- Yes, that is so."

Die verdedigingsgetuie het terloops al die huisvergaderings bygewoon naamlik mev Olifant se getuienis is dat dit eers op die gesamentlike gebiedsvergadering bekend gemaak was dat daar 'n gesamentlike massavergadering gehou moes word. O ja, my punt wat ek hier maak, ek sien dit is ook nie heeltemal mooi gestel nie. Haar getuienis is dat op die gesamentlik vergadering is dit die eerste keer bekend gemaak dat daar 'n massa gesamentlike vergadering ook gehou sou word en dit

staaf /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

staaf in wese die getuienis van ons getuie:

> "And what did you discuss at this joint meeting? -- It was told to us by the zone 7 people that they have acquired a venue for the meeting and they are therefore suggesting that we also come to that same venue. We are going to share a venue with the meetings that are to be held there."

So dit is baie duidelik edele dat hierdie getuie gee stawing aan die staat se getuie. Ons submissie is dat nog verdere verskille kan uitgewys word soos byvoorbeeld dié in die verdedigingsgetuienis waar Edith Lethlake en haar makkers na bewering sou gestaan het to hierdie mededeling - u sal onthou ek sal nou daarby kom - toe hierdie mededeling aan gebied 3 se mense gemaak was. Ek kan dit net miskien vinnig noem daar was op 'n stadium, hulle sou in die lokaal gewees het, toe was hulle by die deur, toe was party buitekant die deur. Ons is egter van mening dat dit oorbodig is om verdere voorbeelde aan te haal. Die vraag bly wat wil die verdediging hê moet hierdie agbare hof aanvaar, dat Edith Lethlake en Esau Raditsela steeds voor die eerste huisvergadering geweet het van die beoogde massavergadering en gebrek aan lokaal, of dat Edith en Esau reeds op die eerste huisvergadering samesprekings gevoer het oor die massavergadering en die gebrek aan 'n lokaal, of dat die boodskap vir die deel van die lokaal oorgedra was deur Edith op die huisvergadering van die gebied 3 gehou op 21 Augustus; of dat die mededeling vir die massavergadering eers oorgedra was op die gesamentlike huisvergadering van 24 Augustus; of (5), dat Edith Letlhaka en VCA vir die eerste keer op 21 Augustus 1984 op die trein gehoor het dat gebied 3 nie 'n lokaal kon kry nie. Dit is

waarmee / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

waarmee hierdie getuie ook gekonfronteer is, met al hierdie verskillende aspekte. Nou dan gaan ek oor, ek sluit af met daardie deel en ek vra die hof om te vind dat die getuienis van die staat is korrek soos dit aangebied was oor hierdie vergaderings.

Nou die massavergadering te Small Farms op 26 Augustus 1984. Op bladsy 145, nou as inleiding hierso gee ons: Dit is ons respekvolle betoog dat VCA met Esau Raditsela aan die spits bygestaan deur Edith Lethlaka pertinent leiding geneem het en koördinasie gedoen het van 'n verskeidenheid stappe om die massas in die Vaal op 3 September 1984 byeen te bring met die doel om hulle te verenig tot aksie en hulle ook te aktiveer. Nou beskuldigde 10 het bevestig dat Esau Raditsela 'n belangrike koördinerende funksie vervul het. Ons gee die aanhaling hierso, ek wil net die laaste deel lees daarvan:

> "..thirdly Esau Raditsela had a car, so he could co-ordinate the affairs of the Vaal Civc much easier than Reverend McCamel could."

So dit was in hulle geledere aanvaar dat Esau Raditsela koördinasie gedoen het en dit beter kon doen, in die geledere van VCA. En beskuldigde 8 het ook hierdie sienswyse bevestig. Nou wys ons op 'n paar aspekte hoedat Esau optree wat sy karakter en optrede dan demonstreer. Die eerste is dat Esau het eensydig op die vergadering besluit wie voorsitter moet wees toe beskuldigde 6 nie beskikbaar was nie. Esau het eensydiglik besluit dat Edith wat notule moes neem op hierdie vergadering na 'n ander vergadering in Boipatong moes gaan. Drie vergaderings onder leiding van die VCA was vir dieselfde dag gereël byvoorbeeld in Boipatong, Small Farms en Bophelong. As ek nou die Small Farms noem dan

is / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is dit die ene van die 26ste in die Roomse kerk wat ek na verwys het. Small Farms, en Boipatong en Bophelong. Op aldrie hierdie vergaderings is besluite geneem dat daar 'n wegbly-aksie en 'n mars op 3 September sou wees, op aldrie van hulle. Esau het aldrie hierdie vergaderings besoek om seker te maak dat hierdie resolusies aanvaar word. Dan die volgende punt wat ons maak is Esau Raditsela het gesorg dat kennisgewings van die resolusies versprei word. Esau het ook die voortou geneem in die advertering van die vergadering van 26 Augustus 1984 deur die luidsprekerstelsel en die verspreiding van pamflette. 7, Hy het ook daarvoor gesorg dat die nodige kennisgewings uitgaan aan besighede en vervoerdienste. Die BEWYSSTUK is daar AT.12. Punt 8, Esau het die leiding geneem op die vergadering van 3 September 1984 en die skare toegespreek. 9, Esau het gesorg vir plakkate vir gebruik tydens die optog. 10, hy het die leiding geneem by die opstel van die mars. 11, hy het leiding geneem om die mense na raadslid Caesar Motjeane se huis te neem. 12, hy het die leiding geneem om verslag te doen aan UDF. 13, Esau het die vergadering van ERPA gekoördineer en toegespreek ten aansien van UDF se "million signature" kampanje. Ek kan net hier byvoeg, hy het ook gesorg vir hulle vir sekere sprekers op hierdie vergadering op die 26ste.

ASSESSOR: By elke vergadering?

MNR JACOBS: By elke vergadering. Nou die B.deel wat ons dan behandel is die vergadering self. Getuie Mahlatsi het getuig dat Esau Raditsela met die aanvang van die vergadering opgedaag het en 'n aankondiging gemaak het dat beskuldigde 8 die voorsitter op die vergadering sal wees aangesien hyself ook nog elders vergaderings moes bywoon, naamlik te

Sharpeville / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Sharpeville, Bophelong en Sirela wat ook Boipatong is. Esau het verduidelik dat die rede was vir die vergadering die verhoogde huur en 'n poging om raadslede uit hul poste as raadslede te laat bedank. Nou ons betoog en ons motivering daarvoor, dit is ons respekvolle betoog dat hierdie weergawe gestaaf word op die volgende feite. Dit is korrek dat Lord McCamel asook beskuldigde 6 nie beskikbaar was vir die vergadering nie. Dit is korrek dat Esau werklik na vergaderings gegaan het soos deur die getuie beweer. Die getuie se getuienis word in hierdie verband bevestig deur 'n verweer wat gestel was deur mnr Bizos en ek haal aan:

> "As people from both zone 3 and zone 7 were there, it would not be right to have a chairman either from the one zone or the other and that the meeting should indicate a neutral chairman....Yes, but are you in a position to deny it? -- No, I cannot."

en dan verder:

> "Do you recall that there was any announcement that a completely impartial chairman had been appointed for the meeting, that is Mr Mokoena, that is accused no.6, but that he had not turned up."

Nou dit is weer 'n aanduiding daarvan dat hier is tog van die kant van die verdediging af op hierdie vroeë stadium het dit gekom, stawing vir hierdie getuie omdat daar was so 'n "announcement" gemaak wat sy getuienis in elk geval staaf dat dit aangekondig was op daardie vergadering. Dit is net later verander hierdie storie heeltemal en kom daardie dinge nie meer uit nie. Ons noem dit dan ook hier dit is opmerklik dat hierdie verweer drasties verander het namate die verhoor gevorder het en soos die meeste verwere nooit gerealiseer

het / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het nie. Edele, hierdie stelling maak ek - ek het elke keer as ek dit so kan stel, die getuienis, die gebeure as 'n globale gebeure het min of meer dieselfde patroon en dieselfde rigting gevolg. Maar dan is daar sekere kardinale ernstige punte waaroor daar verskille was. Dan was daardie stellings gemaak. As ek net mag vooruitloop, sulke punte was eintlik die gebeure by die kerk op die 3de ook; een van hulle was dit gewees. Die 3de se geval by die kerk, wie sou die optog gelei het? Dan word daar 'n hele deurmekaarspul gekry. Dan gaan ons na die optog self, die aansluiting by die interseksie. Dan kry mens 'n hele deurmekaarspul en verskillende stellings. Dit word uitgelug, ek sal hulle netnou nog behandel. Maar dit wys nou op sekere kardinale punte, word daar dan nou 'n verweer gestel wat nie realiseer nie. En dit is wat ons ook hier bedoel, hier word dit gestel maar tog realiseer dit nie later as die getuienis gegee word nie. Nou kom daar heeltemal botsende weergawes en dit is 'n belangrike aspek in hierdie saak in sy geheel gesien. En wat meer is, dit word nooit verduidelik nie. Nooit is daar probeer dat 'n getuie kom en sê hoekom hierdie ding gestel was nie; daar is geen verduideliking gegee oor hoekom dit dan verkeerd is nie. So ons moet aanvaar dat die getuienis en ek dink dit gaan ons groot argument wees op die end, is die getuienis is aangepas want ons noem dit kort-kort deur die verhoor. Aanvanklik is sekere dinge gestel maar dit is verander soos die getuienis voortgevloei het en dit is wat die valsheid van die verwere elke keer ook bewys. Dit is ons submissie. Ons sê dan ook hier geen verdedigingsgetuie het hierdie aankondiging gestaaf nie. Dit is gemene saak dat geselekteerde sprekers wat verskillende groepe in die

gemeenskap/..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gemeenskap verteenwoordig te wete VCA, ERPA, VOW, vakunies, die jeug, moes optree by die vergadering. Dit was van besondere belang om daarvan kennis te neem dat die persone wat die leiding geneem het op die vergadering van die vernaamste aktiviste was wat Esau Raditsela aktief gehelp het in sy aktiwiteite. So was daar nr.17 van gebied 7 se aksiekomitee. Hy het saam met Esau die Daleside-kursus en ook UDF-vergaderings bygewoon. Beskuldigde nr.5, die jeugverteenwoordiger is deur Esau gekry om op beide vergaderings van 26 Augustus 1984 te wete ERPA en VCA-vergaderings op te tree. Dit is ook insiggewend dat hy vroeër 'n leier in COSAS was en ook die leiding geneem het in die organisering van die Vaal Youth Congress. Nr.3, beskuldigde 10 is op VCA-bestuur en die verteenwoordiger van die werkers. Punt 4, Rina Mokoena, Martha Olifant asook mev Matsaneng het die vroue-organisasies verteenwoordig wat tot stand gekom het hoofsaaklik deur bemiddeling van Esay en Dorcas en Edith. Punt 5, beskuldigde nr.8 het reeds sedert die vergadering van 19 FEbruarie aktief deelgeneem aan aktiwiteite van VCA en was ook aktief tydens huisvergaderings. Ek ook seker hier bygevoeg het dat hy was ook aktief - ek het dit gister die fees genoem van die raadslede, eintlik dan die eeufeesviering. Punt 6, Maruping het 'n aktiewe rol gespeel tydens die huisvergaderings en die beplanning van strategie en was ook verkies op die gebiedskomitee van gebied 3. Ek noem hom spesifiek hier want as ek reg onthou is Maruping die persoon wat so 'n noue verband met VCA gehad het en organisering daar. Is dit die man wat toe die voorstel gemaak het lateraan wat sê hulle moet mos 'n optog hou en nie net blote vergaderings op die 3de nie. Mnr Caswell Kabi van ERPA is die voorsitter van ERPA wat op

die / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die stigtingsvergadering van VCA die vergadering van 27 November 1983 en ook op hierdie besondere vergadering direkte samewerking met VCA bewys het. Dit is ons respekvolle betoog dat al die aktiviste wat so 'n prominente rol gespeel het met die organisering en uitvoering van die vergadering dit gedoen het met die voorafbeplande strategie om die massas in die Vaal te organiseer en te mobiliseer en te betrek om op 3 September 1984 fisies en aktief oor te gaan tot geweldpleging teen die staat en sy instellings. Dit is ons respekvolle betoog dat die genoemde aktiviste in die uitvoering van hulle taak werklik gebruik gemaak het van knelpunte volgens die leiding van die UDF en die ANC soos byvoorbeeld beliggaam in BEWYSSTUK CA.22 ten einde "united action" te verwesenlik.

Nou in paragraaf 4. gaan ons na feite wat daar bewys is. Ons betoog respekvol dat hierdie agbare hof die volgende as bewese kan bevind na oorweging van al die getuienis en bewysmateriaal veral in die lig van die feit dat die verdedigingsgetuienis tot 'n groot mate die staat se getuienis sterk en bevestig. Die eerste gaan oor die raadslede. Die belangrikste sprekers soos hierbo genoem het oorwegend die plaaslike bevolking in die Vaal opgeroep en aangestig om te aanvaar dat die raadslede en trouens die stelsel van swart plaaslike besture nie aanvaarbaar is nie en dat daar van hulle ontslae geraak moes word of weggedoen behoort te word sodat hulle nie kan funksioneer nie. Dit is by herhaling deur die genoemde sprekers by die toehoorders ingeskerp dat die raadslede en die raadstelsel verwerp en vernietig moes word omrede die raadslede "puppets" van die owerhede is; die raadslede verraaiers van die swart gemeenskap is; die raadslede

"Sell-outs" /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"sell-outs is wat die swart gemeenskap verkoop het vir eie gewin. Die raadslede oneerlik, onbettroubaar is deur gemeenskapsfondse vir hul eie gebruik aan te wend; die raadslede die swart gemeenskap onderdruk deur toepassing van bestaande wetgewing; die toesegging van behuising en uitsettings; raadslede beloftes aan die gemeenskap gemaak het en dit nie nagekom het nie; raadslede arbitrêre en na willekeur huurgelde verhoog en daardeur die gemeenskap verarm en onderdruk; dat die raadslede die vyand van die gemeenskap is; raadslede hulle posisies misbruik vir eie en familie se gewin; die stelsel as gevolg van gebrek aan fondse nie lewensvatbaar is nie; die stelsel nutteloos is omrede raadslede in die praktyk nie werklik uitvoerende magte het nie; die sogenaamde rassistiese minderheidsregering die stelsel van plaaslike besture op die swart gemeenskap afgedwing het sonder voorafgaande raadpleging van die gemeenskap. Ons betoog respekvol en ek hoop ek het dit hier reg gestel dat die aktiviste van VCA en ondersteuners gebruik gemaak het van werklike sowel as fiktiewe knelpunte. Dit word nie betwis dat daar ware knelpunte bestaan het nie, maar wat van besondere belang is, is die feit dat hulle alle moontlike knelpunte, eg en fiktief, gebruik het om die massas emosioneel op te sweep teen die raadslede, die raadstelse en die owerheid in die algemeen. 'n Sprekende voorbeeld van hoe hulle daarin geslaag het om die gramskap van die massas teen die raadslede, die raadstelsel en die owerheid op te sweep blyk uit Masenya-insident tydens die vergadering. Dit word elders vollediger bespreek. Aan die hand van die knelpunte word die swart gehoor opgesweep en aangestig en aangemoedig om te verenig en verenigde aksie te neem ten einde ontslae te

raak / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

raak van die raadslede en die stelsel. Hulle word aangestig tot burgerlike ongehoorsaamheid deur nie verhoogde huur te betaal nie. Hulle word aangestig tot 'n wegbly-aksie op 3 September 1984. Dit geld almal, insluitende die werkers en skoliere en slegs verpleegsters sou toegelaat word om gewone dienste te lewer. Hulle word aangestig om aan opmarse deel te neem wat noodwendig 'n onwettige aksie sou meebring. Hulle word aangestig om die raadslede se besighede te boikot. Hulle word aangestig om te verseker dat geen vervoerdienste beskikbaar sou wees op 3 September nie, slegs een tipe padvervoer om nooddienste deur gesondheidspersoneel te verseker, sou toegelaat word, naamlik ambulanse. Dit bly nie net beperk tot die mense wat die vergadering bygewoon het nie maar was uitgebrei tot die hele Vaalgebied soos bevestig word deur die identiese vergaderings wat deur VCA georganiseer en gekoördineer was wat dieselfde dag in ander woongebiede plaasgevind het waar identiese aanstigtings aan die hand van dieselfde knelpunte plaasgevind het en identiese besluite geneem was. Dit word verder bevestig deur die kennisgewing wat VCA daarna in die hele Vaalgebied versprei het, dit is BEWYSSTUK AT.12; Nou op hierdie vergadering is die getuienis dan ook dat soos deur die staat aangebied, dat op hierdie vergadering was vryheidsliedere gesing waarin die ANC, ANC-leiers en terreur gepopulariseer was. Die feit dat sodanige liedere gesing was word ook bevestig deur etlike van die verdedigingsgetuies. Dan punt 6, die getuienis vir die staat het getuig dat UDF en ander organisasies soos COSAS geadverteer en gepopulariseer was op hierdie vergadering deur 'n UDF-banier en UDF en COSAS-plakkate binne en buite die saal asook COSAS en UDF T-hemde. Dit is ook gemene saak dat

Esau / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Esau gedurende die loop - Esau Raditsele en Edith Lethlaka gedurende die loop van die vergadering weer teruggekom het en dat hulle UDF-baniere agter die sprekers - dit is nie baniere nie, dit is een van daardie klein foutjies, edele, dit is 'n UDF-banier, dat hulle die UDF-banier agter die sprekers op die verhoog gedrapeer het. Wat van belang is is dat ook in hierdie groep wat vanaf die ander vergaderings gekom het COSAS kleure sigbaar was en Edith het 'n UDF-pet opgehad. Hier word aangehaal die getuienis van 'n verdedigingsgetuie wat hierdie dinge bevestig het. Nou die massadeelname was baie belangrik. 'n Ander faset in die getuienis en wat veral sterk deur die getuies vir die verdediging uitgebring was, is die feit dat die aktiviste in beheer van hierdie vergadering groot erns aan die dag gelê het om te verseker dat die massas in groot getalle versamel sou word vir deelname aan aksie. (i), dit was baie ernstig beklemtoon dat slegs ambulanse <u>toegelaat</u> sou word. Ek lê klem op die woord "toegelaat" want 'n hele paar getuies het hierdie woord "toegelaat" elke keer kom beklemtoon van die verdediging se kant af. (ii), net so ernstig was beklemtoon dat slegs verpleegpersoneel <u>toegelaat</u> wou word om te gaan werk. (iii), dit word deur hulle op die vergadering pertinent ingeskerp dat as daar deur die vergadering besluite geneem was dat hulle moes wegbly op 3 September 1984 word verwag dat hulle hierdie besluite - dat hierdie besluite uitgevoer moet word. Daar is 'n deeltjie wat ek dink, toe ek hom weer lees wat vir my sin maak, dat dit die enigste vervoer sou wees want blykbaar is 'n verkeerde deel weer hier ingetik nadat - as die hof net kyk na paragraaf (iii) op bladsy 156 na "3 September 1984" en die "en", daardie woorde:

"dit /..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

"dit die enigste vervoer sou wees.." net uitkrap.

ASSESSOR: Sê u daar kom 'n punt na 1984?

MNR JACOBS: Nee, mens kan dit lees, ek lees hom so: Ek sal sê: "..vergadering besluite geneem was dat hulle moes wegbly op 3 September 1984 en dan word verwag dat hierdie besluite uitgevoer moes word."

ASSESSOR: Ja, dankie.

MNR JACOBS: Die volgende punt onder hierdie betoog van ons wat ons hier het is (iv), Beskuldigde nr.17 het dit pertinent gestel dat hulle nie lafaards moes wees nie en dié wat lafhartig is moet dit daar op die vergadering kom bekend maak sodat hulle dit vooraf kan weet. Die volgende punt, (v), dit is selfs voorsien dat probleme ondervind kan word met die polisie op 3 September 1984. In hierdie verband het beskuldigde nr.10 bevestig dat die gemeenskap en die organisasies wat die vergadering beheer en gereël het die nodige bystand sou verleen in sulke gevalle. Hy het in hierdie verband VCA en VOW uitgesonder. Nou by implikasie sê ons, nou nie by implikasie nie, dit het UDF ook ingesluit maar by implikasie sluit dit ook UDF in. op bladsy 157 bo-aan haal ek dan die aanhaling aan toe hy getuienis gegee het en om duidelikheid te kry het die hof vir hom gevra:

> "Which organisations were referred to? -- Well, I would take it that they were referring to the Vaal Civic Association and the Vaal Organisation of Women which were the organisations that were mentioned at that meeting."

Die verdediging was dat daar nie op die 3de moeilikheid verwag was nie en dat dit 'n vreedsame opmars sou wees. Nou hierdie argument vat ek verder ook met ander voorbeelde. Die feit

genoem / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

genoem in paragraaf 7 (supra) is reeds 'n aanduiding daarvan dat die getuienis van die verdediging nie eerlik was tydens getuienislewering nie en dat hulle getuienis ongepas was soos die verhoor gevorder het. Dit word verder bevestig deur die volgende: (1) Getuie Ratibisi, 'n verdedigings-getuie, het getuig hoedat hy sonder enige rede weggehardloop het vanaf die prosessie, eintlik die optog wat die verdedigingsgetuies probeer voorstel het as 'n vreedsame, rustige opmars. Dit bevestig dat alles nie pluis was met die opmars nie en dat hierdie getuie baie skrikkerig was en nie met hart en siel deelgeneem het nie en gevlug het by die eerste geleentheid omdat hy gevrees het die polisie is daar. Die bewysplaas gee ons. Hy verleen bevestiging aan die staat se getuienis van die gebeure by die interseksie dat mense uit die steeg gehardloop het na die optog waar hy sê "Of hulle nou besig was om weg te hardloop van iets kan ek nie sê nie". Die tweede punt wat ek daar maak as stawing vir die feit, is aanvanklik het die verdediging 'n bepaalde verweer gehad aangaan watter stappe geneem moes word as die mense in die optog die polisie sou teëkom. Die volgende was gestel aan die staatsgetuies en wat beslis bevestiging verleen dat alles nie so onskuldig beplan was nie:

1. "Do you recall that he said that the march is likely to meet the police along the way?"
2. "Well, I am going to put to you that he did. Just listen."
3. Yes. Did he say that when they meet the police they must not divide up or disperse but that they should proceed straight to Houtkop?"
4. "That they should not allow themselves to be provoked

by / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

by the police".

5. "And that they themselves must not provoke the police".

6. "Did he say that people should keep wet cloths with them to protect themselves should the police throw teargas at them?"

7. "Did you hear him say, as I put to you that he did say, that this was an important march and it was important to reach in Houtkop as a long and strong march?"

Nou my submissie is dat die feit dat Esau Raditsela die leidende figuur hier alreeds vir die mense waarsku omtrent traanrook en voorsorg te tref wys dat daar was vroeë besinning en beplanning van hierdie hele opset, hierdie hele gebeure was nie so onskuldig soos wat die verdediging dit voorgee nie. (3) Veral word sterk bevestiging gevind vir die feit dat die gebeure beplan vir 3 September 1984 glad nie so onskuldig was as wat voorgegee word as gelet word op die verweer wat gestel was aan brigadier Viljoen. Dit blyk baie duidelik hiervolgens dat intimidasie om te verhoed dat vervoerdienste funksioneer 'n integrale deel van die hele opset vir 3 September 1984 was. Hierdie feitlike bewering wat met groot erns gestel was het toe nie gerealiseer nie maar bevestig die besluite van 26 Augustus 1984 dat slegs verpleegsters toegelaat sou word om te gaan werk en slegs ambulanse toegelaat sou word om mense te vervoer. My aandag is gevestig, edele..

HOF: Ja, ons sal 'n verdaging neem van 'n kwartier.

DIE HOF VERDAAG VIR TEE

DIE / ..

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.